# Verantwoordelike Misdaadverslaggewing: Op soek na etiese riglyne

Piet van Niekerk

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van MPhil (Joernalistiek) aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr Herman Wasserman
Datum: April 2004

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Abstrak

Midsdaadverslaggewing stel unieke uitdagings aan verslaggewers. Onervare joernaliste word in Suid-Afrikaanse nuuskantore met die misdaad-rondte opgesaal. Uit onkunde en weens 'n algemene gebrek aan etiese riglyne word misdaadverslaggewing dikwels op só 'n manier bedryf dat dit eerder skade as goed berokken.

Binne die breër media-etiese debat kan 'n etiese besinning oor misdaadverslaggewing 'n bydrae lewer tot nadenke oor verantwoordelike misdaadverslaggewing, sowel as tot die ontwikkeling van riglyne wat verantwoordelike misdaadverslaggewing vir die toekoms kan kweek.

Die debat oor verantwoordelike misdaadverslaggewing begin in dié werkstuk deur misdaadverslaggewing te beskou binne die tradisionele filosofiese debat oor etiek. Daarna word gekyk na die verband tussen wette en etiek en watter – indien enige – invloed wette op verantwoordelike misdaadverslaggewing het.

Die misdaadverslaggewer se verhouding tot sy werkgewer, sy gemeenskap, die staat en slagoffers van misdaad plaas hom in 'n komplekse posisie wat betref sy verantwoordelikhede. Nadat hierdie verantwoordelikheidsvelde uitgespel is, word gekyk na bestaande riglyne en die unieke komplikasies in Suid-Afrika op soek na riglyne vir verantwoordelike misdaadverslaggewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Nadat enkele gevallestudies ontleed is, word voorstelle gedoen oor die faktore wat in ag geneem behoort te word ten opsigte van verantwoordelike misdaadverslaggewing. Dit bring die werkstuk tot uiteindelike voorstelle oor hoe ’n gunstige milieu in Suid-Afrikaanse nuuskantore geskep kan word vir die kweek van verantwoordelike misdaadverslaggewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Abstract

Crime reporting creates a set of unique challenges within journalism in general. Generally inexperienced journalists are assigned to the crime beat in South African newsrooms. A lack of knowledge and absence of codes of ethical conduct create a reality wherein crime reporting more than often causes more harm than good.

Within the existing media ethical debate, ethical reflections about responsible crime reporting will go a long way to stimulate thought on responsible crime reporting and help to formulate guidelines for ethical crime reporting in the future.

In this project the debate on responsible crime reporting starts by illuminating where crime-reporting slots into the traditional philosophical ethical debate before a distinction is made between law and ethics. The way laws influence ethical crime reporting – if at all – is analysed.

The crime reporter's relationship towards his employer, his community, the state and victims of crime creates a complex maze of responsibilities. After analysing these complex relationships, existing codes of conduct and the unique challenges within the South African context are evaluated.

A set of case studies creates the opportunity to list factors needed to be taken into account, before proposing guidelines that will create a positive atmosphere for promoting responsible ethical conduct by crime reporters in South African newsrooms.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# Inhoudsopgawe

**Hoofstuk 1** 4

Waarom 'n etiese besinning oor misdaadverslaggewing?

**Hoofstuk 2** 18

Teoretiese Fondamente

**Hoofstuk 3** 27

Die Misdaadverslaggewer en die Wet

**Hoofstuk 4** 40

Die Misdaadverslaggewer se verantwoordelikheidsveld

**Hoofstuk 5** 52

Op soek na riglyne vir die maak van etiese besluite

**Hoofstuk 6** 64

Enkele gevallestudies

**Hoofstuk 7** 83

Die pad vorentoe met verantwoordelike misdaadverslaggewing in Suid-Afrika

**Bronnelys** 87

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Hoofstuk 1: Waarom ’n etiese besinning oor misdaadverslaggewing?

Persvryheid is ‘n baie mooi maar onpraktiese ideaal, het die destydse voorsitter van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch, prof . Johan Combrink, in 1988 gesê toe hy deur die Stellenbosse enkelpublikasie *Save the Press* aangehaal is.

> Self wil ek byvoorbeeld nie hê die inligting oor hoe om kragtige bomme te maak, moet algemeen beskikbaar wees nie. As iemand pro die verbieding van een bepaalde kategorie materiaal is, dan is hy pro sensuur. Dan is dit net ’n kwessie van graad wat is wel publiseerbaar en wat nie? Hoewel ek self ten gunste van groter persvryheid in Suid-Afrika is, kan ek nie sê dat ek ten gunste van algehele persvryheid is nie (Combrink, 1988: 3).

In die lig van die wêreldwye steun vir persvryheid en die stryd waarin die media onder Veiligheidswetgewing in 1988 in Suid-Afrika gewikkel was, was Combrink se stelling destyds – en vandag nog - omstrede. Tog het dié omstrede uitspraak geraak aan die hart van verantwoordelike verslaggewing en die vraag laat onstaan: Indien die joernalis vry is om te skryf net wat hy wil, watter beperkinge sal hy op homself plaas in sy soeke na verantwoordelikheid? Sal die kollektiewe vrye joernalis hoegenaamd soek na verantwoordelikheid en verantwoordelike beriggewing, en watter kragte sal hom van verantwoordelikheid wegdryf?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ons landswette bied slegs beperkte riglyne om te bepaal watter verslaggewing is aanvaarbaar en verantwoordelik. Daar is ook nog bitter min riglyne om te bepaal wanneer die uiters vae etiese grensgebied oortree word met die spesifieke optrede van joernaliste in die geval van misdaadverslaggewing. Terwyl erkenning daaraan gegee moet word dat landswette, riglyne van die Persombudsman en Uitsaaiklagtekommissie (BCCSA) en individuele maatskappyreëls in ’n kleinere mate tóg riglyne verskaf vir aanvaarbare optrede deur joernaliste, moet die debat oor verantwoordelike joernalistiek binne die realiteite van die media self gevoer word. Wat regtelik aanvaarbaar is, is nie altyd joernalistiek-eties aanvaarbaar nie.

Die etiese grysgebied in die joernalistiek lei daartoe dat foute gemaak word. Dit lei tot honderde klagte wat jaarliks by die Persombudsman en die Uitsaaiklagtekommissie (BCCSA) aanhangig gemaak word. Verder lei dit tot ’n groeiende opvatting by die gewone mens dat die media nie erns het met verantwoordelike optrede terwyl hulle kan geld maak nie (Retief, 2002: ix).

In ons nuwe demokrasie het hierdie etiese grysgebied groter geword omdat mediavryheid groter geword het. Besluite tussen reg en verkeerd word nou in nuuskantore self gemaak (Wasserman, 2003: 46).

Binne hierdie breë debat kom die optrede van die misdaadverslaggewer ook nou in die kollig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Misdaadverslaggewing as 'beat' (soms word in Afrikaanse nuuskantore na die 'misdaadrondte' verwys) bied unieke uitdagings aan die misdaadverslaggewer omdat die aard van die werk hom of haar in kontak bring met realiteite wat ander 'beats' nie het nie. Die vernaamste daarvan is geweld, konflik wat tot geweld lei en die rol wat die misdaadverslaggewer speel in die voorkoming of aanblaas van misdaad en geweld.

Misdaad en gepaardgaande geweld veroorsaak trauma en lewensverlies. Die onverantwoordelike hantering daarvan het die potensiaal om tot verdere trauma te lei (Coté & Simpson, 2000: 111).

Verder het selfs net die uitbeelding of aanbieding van misdaadstories 'n invloed op gemeenskappe. Terwyl misdaadsyfers daal, kan die manier waarop dit aangebied of uitgebeeld word die indruk skep dat dit toeneem. Dit laat die gemeenskap se besorgdheid oor geweld toeneem en kan lei tot versoeke dat swaarder teen misdadigers opgetree word (Tomkins, 2000).

Hierdie tipe hantering van misdaad deur die media kan ook politieke ondertone dra as politici meen die misdaadsituasie word deur die media skeefgetrek (Oosthuizen, 2002: 149).

Misdaadverslaggewers het, net soos ander verslaggewers, 'n verantwoordelikheid teenoor sy werkgewer én die publiek om die beste moontlike nuusproduk te lewer. Soos die meeste ander harde nuus, is een van die karaktereienskappe van misdaadnuus dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



misdaadverslaggewer die gebeure so vinnig moontlik en soms onder moeilike omstandighede vir sy werkgewer en die publiek moet publiseer of uitsaai. Wat die misdaadverslaggewer se taak egter moeilik maak, is die feit dat misdaad enige tyd van die dag of nag kan gebeur, die dekking daarvan nooit beplan kan word nie en groot stories soms minute voor saktye breek.

Dit veroorsaak dat die graad van wedywering tussen misdaadverslaggewers baie hoog is omdat publikasies, nuusdienste, radio- en televisiestasies en Internetpublikasies in 'n konstante stryd is om eerste met die nuus te wees.

Wedywering en die verantwoordelikheid teenoor die werkgewer bring die verslaggewer in konflik met beamptes van die staat en die publiek omdat hulle direk en indirek deur verslaggewing geraak word. In die geval van die misdaadverslaggewer is die konflik tusen die verslaggewer en die beamptes van die staat en die publiek altyd akuut. Dit is akuut met betrekking tot die publiek omdat misdaad sonder uitsondering ernstig beskou word, dit die lewens van individue en geliefdes radikaal raak en sterk emosies ontlok. Met betrekking tot die agente van die staat, is daar altyd druk op die polisie en die regspleging om die misdaad op te los en die skuldiges aan die pen te laat ry.

Veiligheid en sekuriteit is 'n politiek gelade onderwerp omdat dit een van die faktore is waardeur die sukses van die regering gemeet word. Politici plaas dus druk op die sekerheidsgemeenskap om te presteer. Dikwels beskuldig die polisie die media daarvan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



dat hul optrede ondersoeke belemmer of gebruik die media se optrede as verskoning waarom daar nie vordering met ondersoeke of misdaadvoorkoming gemaak word nie.

Vir gewone mense veroorsaak misdaad en geweld sterk emosies. Die manier waarop die media dit hanteer, word ook emosioneel ervaar.

Saam dra al hierdie faktore by tot ’n potensiële drukpot vir konflik tussen die misdaadmedia, politici, sekerheidsgemeenskap en algemene publiek.

’n Goeie voorbeeld van hoe joernaliste sommige van hierdie konflikte of druk ervaar, is die geval toe die bekende Port Elizabethse sportadministrateur en prokureur Merwe Swart op 20 Augustus 1996 in sy bakkie voor sy huis in Walmer, Port Elizabeth, doodgeskiet is. Daardie oggend was ’n verslaggewer van *Die Burger (Oos-Kaap),* Piet van Niekerk[1], minder as 20 minute ná die voorval saam met die persfotograaf Carlie Norval op die toneel. Hulle het foto’s geneem, gekyk na die koeëlwond, na voetspore en leidrade gesoek en gesien dat daar ’n blou wekker onder Swart se Isuzu bakkie lê.

Toe die ondersoekbeampte in die saak, inspekteur Melvin Humpel van die Oos-Kaapse eenheid vir ernstige geweldsmisdade, op die toneel opdaag, het hulle meer inligting en foto’s gehad as wat hulle sou nodig hê om die volgende dag ’n uitstekende koerant op straat te hê. Daar was egter net een probleem: Die blou wekker onder die bakkie was ’n kritieke leidraad in die moordondersoek en die polisie wou onder geen omstandighede hê

[1] Piet van Niekerk is die skrywer van hierdie werkstuk. Alle verwysing na Van Niekerk verwys ook na die skrywer van die werkstuk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



dat daar foto's moes verskyn of berig gegee word oor die teenwoordigheid van die wekker nie. Vir die Burger-verslaggewer en fotograaf, wat lank voor die ander joernaliste op die toneel was, was dit juis dié foto en inligting wat hulle van die ander joernaliste sou onderskei. Die raaisel van die blou wekker sou *Die Burger* die volgende dag op die voorpunt van die nuus oor die Merwe Swart-moord geplaas het.

Ná 'n dag se gesprekke met die polisie, dreigemente en vertoë het die verslaggewer ingestem om die inligting oor die blou wekker uit sy berig te hou en die foto's waarop die wekker sigbaar is nie vir publikasie aan te bied nie.

Humpel se argument was dat die teenwoordigheid van die wekker daarop dui dat Swart se aanvallers die nag naby of op Swart se erf geslaap het en dat hulle 'n wekker gestel het omdat hulle geweet het Swart gaan vroeër as normaalweg opstaan om lughawe toe te gaan. Hy kon daardeur bewys dat die moord vooraf beplan is en nie 'n toevallige kaping was nie.

Die polisie wou die aanvanklike indruk by die publiek en die aanvallers skep dat hulle die moord beskou as 'n gewone toevallige kaping wat skeefgeloop het. Dit sou die mense wat verantwoordelik was vir Swart se moord gerus stel en die polisie tyd gee om hul ondersoek behoorlik te begin.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Van Niekerk het die inligting oor die wekker teruggehou sonder die toestemming of medewete van sy nuusredakteur omdat hy geweet het die nuusredakteur sou nie toestemming daarvoor gee nie.

Op Van Niekerk het geen wetlike verpligting gerus om nie die inligting oor die wekker bekend te maak nie. Indien hy kantoor toe sou gaan en bespiegel oor die moontlike verklarings vir die teenwoordigheid van die wekker en selfs Humpel se eie teorieë oor die wekker publiseer, sou daar nie 'n enkele ding wees wat die polisie daaromtrent kon doen nie. Verder het hy die risiko geloop dat sy nuusredakteur van die wekker sou uitvind en hy dan self in warm water is omdat hy eensyding inligting van die koerant weerhou het.

Twee oorwegings het hom en die fotograaf daarvan oortuig om die inligting te weerhou. Die eerste was Humpel se argument (persoonlike mededeling, 20 Augustus 1996) dat die media 'n misdadiger se enigste bron van inligting is oor hoe 'n polisie-ondersoek vorder. Hy het verduidelik dat wanneer hy misdadigers uiteindelik vastrek, hy dikwels op 'n stapel koerante en knipsels by hul wegkruipplek afkom oor die spesifieke misdaad waarvan hulle beskuldig word. Hierdie inligting deur die media help die misdadigers nie net om verder van die gereg te vlug nie, maar ook om hul verwere aan te pas wanneer hulle uiteindelik vasgetrek word.

Die tweede oorweging was dat Humpel en sy bevelvoerder, kolonel Renier de Vos, goeie bronne was. Goeie misdaadverslaggewers koester goeie bronne en dit sou uit 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



professionele oogpunt joernalistieke selfmoord oor die langer termyn wees om hierdie bronne weens so 'n onderonsie te verloor.

In die bogemelde geval het die weerhouding van die inligting volgens Humpel 'n kritieke rol gespeel in die suksesvolle inhegtenisneming van die Kirkwoodse boer Fanie de Lange wat vier mans op die aand van 19 Augustus 1996 met die wekker by Swart se huis gaan aflaai het met die opdrag om Swart die volgende oggend "reg te sien". De Lange het aan die vier 'n wekker gegee omdat hulle by 'n vorige geleentheid verslaap het. De Lange het 'n verhouding met Swart se vrou, Amor, gehad. De Lange is later tot sewe jaar tronkstraf gevonnnis nadat hy skuldig bevind is aan strafbare manslag.

Onderliggend tot die optrede – of eerder besluit - van die betrokke joernalis, was die uiteindelike gevolg, naamlik dat die weerhouding van inligting die polisie sou help met hul ondersoek. Die positiewe gevolg was nie net beperk tot die uiteindelike suksesvolle inhegtenisneming nie, maar het ook tot 'n hegter verbintenis tussen die verslaggewer en die ondersoekspan gelei. Dit het die vertrouensposisie tussen die joernalis en ondersoekspan versterk en uiteindelik daartoe gelei dat die verslaggewer toenemend deur die polisie met vertroulike inligting oor die saak vertrou is.

Die negatiewe aspek van die verslaggewer se besluit was dat hy vir sy nuusredakteur moes lieg omdat hy geweet het die nuusredakteur sal onder geen omstandighede toelaat dat enige belangrike inligting van die publiek weerhou word nie. Sy weerhouding van die inligting van sy nuusredakteur het uiteindelik ook tot gevolg gehad dat die volle verhaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



nie aan die publiek oorgedra is nie. Dit staan in kontras met die joernalitieke beginsel dat die publiek die reg het om alle moontlike feite te weet.

Louis Day (1991) verwys na hierdie opweging tussen positiewe en negatiewe aspekte van 'n besluit as die Heintz-dilemma. Heintz – 'n fiktiewe karakter - moet besluit of hy gaan geld steel om sy vrou se mediese behandeling te bekostig. Daarsonder sal sy beslis sterf. Indien Heintz sou besluit om te steel, glo hy dit is geregverdig omdat die uitkoms of gevolg van sy optrede positief is omdat sy vrou sal leef. As hy egter besluit dit is vir hom belangriker om nie die wet te breek nie, sterf sy vrou.

Vir Van Niekerk in die Merwe Swart-saak, het die uitkoms of gevolg van sy besluit persoonlik meer positiewe as negatiewe gevolge ingehou. Hy het gevoel dat sy besluit meer goed as sleg tot gevolg gehad het. Hierdie konsekwensialistiese of teleologiese benadering word in die volgende hoofstuk meer volledig bespreek.

Dit moet egter hier vermeld word dat dit lynreg staan teenoor 'n benadering waarin die joernalis sou besluit het om nie vir sy nuusredakteur of die publiek te lieg nie op grond van die universele beginsel of verantwoordelikheid dat joernaliste altyd die waarheid skryf of uitsaai.

Indien die verslaggewer sou argumenteer dat dit eerder sy plig is om altyd die waarheid te rapporteer en nie om polisie-ondersoeke te laat vlot nie, sou die gevolge van sy besluit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n ander uitkoms gehad het. Dit sou selfs - volgens die ondersoekbeampte - daartoe kon lei dat 'n skuldige nie in hegtenis geneem is nie.

So 'n benadering deur die verslaggewer, wat soortgelyk aan dié van sy nuusredakteur sou wees, staan geïsoleer van die moontlike uitkoms van die besluit. Sy uitgangspunt sou gewees het dat die universele beginsel om altyd die waarheid te rapporteer hom geen ander keuse laat as hy eties korrek wou optree nie. Hy sou argumenteer dat dit sy plig is om slegs die waarheid te skryf. Hierdie pligsbeginsel, of deontologiese benadering, word ook in die volgende hoofstuk meer volledig bespreek.

In die bovermelde voorbeeld kom verskeie ander vrae egter ook ter sprake. Soos die vraag of dit altyd goed is vir die joernalis om die polisie gedienstig te wees? Wat sou gebeur as dit erge polisie-agtelosigheid op die misdaadtoneel was wat deur die verslaggewer van sy nuusredakteur weerhou is? Het die verslaggewer verantwoordelik opgetree deur die inligting te weerhou, of was hy bloot gedienstig aan die polisie omdat hulle meer tyd nodig gehad het om hul ondersoek te laat vlot?

Die vraag moet ook gevra word of die familie van die slagoffer en die publiek nie reg van die begin af al die tipe inligting oor die saak behoort te hê nie. Sou lede van die publiek wat van mev. Swart se verhouding met De Lange geweet het nie vroeër na vore gekom het as hulle besef het dat Swart se moord nie 'n gewone kaping was nie?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Verder moet ook gevra word hoe die weerhouding van hierdie stukkie kritieke inligting *Die Burger* se aansien as nuusleier tot nadeel gestrek het en of dit die sirkulasie nadelig beïnvloed het. *Die Burger* se berig die volgende dag het nie in wese veel meer inligting gehad as wat die opposisiekoerant gedra het nie. Met die inligting oor die wekker, kon *Die Burger* kop en skouers bo ander media uitgestaan het.

Hierdie vrae staan aan die kruks van die dilemma waarin misdaadverslaggewers hulle dikwels bevind. Hulle kom in kontak met 'n enorme hoeveelheid inligting en moet dan in 'n baie kort tyd oordele vel oor hoe om hierdie inligting te verwerk en publiseer. Die manier waarop die inligting weergegee word, beïnvloed polisie-ondersoeke, die gemoedstoestand van familielede en vriende van die slagoffers, die breër publiek en die misdaadverslaggewer se verhouding met sy werkgewer.

Maar waarom 'n etiese besinning oor misdaadverslaggewing?

Misdaad is nuuswaardig. As nuuskategorie voldoen dit aan die meeste nuuswaardes. Omdat dit 24 uur van die dag gebeur, val dit altyd saam met die publikasietye van verskillende nuusmedia. Misdaad gaan dikwels met geweld en sensasie gepaard en oorskry selfs die drempels van nuuswaardigheid (Oosthuizen, 2002: 147).

Misdaadverslaggewing val binne die hardenuus-kategorie. Om dié rede het koerante dikwels verslaggewers wat in misdaad spesialiseer. Dit word in nuuskantore wêreldwyd as 'n spesialisveld erken.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Misdaadverslaggewing gee altyd voor om die waarheid te wees. Dit gee nie voor om 'n versinsel, verbeeldingvlug of kunsproduk te wees nie. Die akkurate en verantwoordelike hantering van misdaadnuus plaas 'n belangrike etiese verpligting op misdaadverslaggewers.

In Suid-Afrika, met sy relatief hoë misdaadsyfer, word misdaadverslaggewing toenemend onder die vergrootglas geplaas. Enersyds omdat die saamgroepering van misdaadberiggewing die indruk kan skep dat 'n misdaadgolf die land of 'n streek tref (Oosthuizen, 2002: 148) of andersyds omdat politici misdaadberiggewing en statistiek vir politieke doeleindes aanwend. Juis hierdie laaste punt staan aan die kruks van die nasionale polisiekommissaris, Jackie Selebi, se aanval op misdaadverslaggewing. Hy het op 13 Februarie 2001 voor 'n misdaadvoorkomingsoperasie in Thabong aan misdaadverslaggewers gesê die media is blind vir misdaad in Suid-Afrika se 'townships' (Sapa, 2001).

Selibi se argument was dat die media en die destydse samestelling van misdaadstatistiek die indruk skep dat misdaad hoër is in tradisioneel wit gebiede as tradisioneel swart gebiede. Selebi het beweer misdaadstatistiek in sy huidige vorm het aan misdaadverslaggewers die geleentheid gebied om misdaadverslaggewing skeef te trek (Anon, *2000:* www.suntimes.co.za/2000/12/31/insight/in02.htm). Oosthuizen (2002: 149) wys daarop dat daar selfs geglo is die bekendmaking van misdaadstatistiek sou tot rassisme aanleiding gee. Hy verwys na 'n verklaring van die ANC dat die aanwending

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



van misdaadstatistiek en die beriggewing daaroor die indruk wek dat meer swart mense as wit mense misdade pleeg (*Sunday Times,* www.suntimes.co.za/2001/03/04/insight/in11.htm).

Misdaad, en spesifiek misdaad in Suid-Afrika en die verantwoordelike hantering daarvan is belangrik as 'n onderafdeling van verslaggewing in dié land. Ons het nodig om daaroor te besin en riglyne te vind om 'n span verantwoordelike misdaadverslaggewers te kweek.

In die volgende hoofstukke sal gekyk word na teoretiese fondamente of filosofiese beginsels ingevolge waarvan prakties etiese besluite oor verantwoordelike verslaggewing geneem kan word.

Daarna word gefokus op die verslaggewer se rol binne die landswette en die min antwoorde wat dit bied.

'n Derde fokuspunt is om die verantwoordelikheidsveld van die joernalis te ontleed met die vraag: Aan wie is die misdaadverslaggewer uiteindelik verantwoordelik?

Uiteindelik moet gekyk word na bestaande en moontlike riglyne vir die neem van etiese besluite deur misdaadverslaggewers.

Nadat gekyk is na enkele gevallestudies, sommige verweef in hierdie hoofstuk en die hoofstukke wat volg, asook spesifieke gevallestudies in hoofstuk 6, behoort 'n posisie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



beryk te word waar afgesluit kan word met moontlike antwoorde op die vrae wat misdaadverslaggewing as spesialisveld in die media tot nou toe aan verslaggewers gevra het en ook in die toekoms gaan vra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Hoofstuk 2: Teoretiese Fondamente

Die vryheid van die pers (en ander media) word vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996). As in ag geneem word dat daar in 2001 altesame 61 uit 186 lande (33%) was wat geen persvryheid gehad het nie (Press Freedom Survey, 2002) kan die Suid-Afrikaanse joernalis homself gelukkig ag.

Dit plaas egter ook 'n verantwoordelikheid op die verslaggewer omdat hy oor die vryheid beskik om tussen verskillende moontlike optredes te kan kies. Behalwe vir die wette van die land wat ook op ander landsburgers van toepassing is en die voorskrifte van die mediagroep vir wie hy werk, word hy nie deur instansies buite homself tot verantwoording geroep nie, maar die reg of verkeerd van sy dade rus volledig op sy eie skouers. Hierdie reg of verkeerd val buite die magsfeer van die Staat of Wet en binne die sfeer van die etiek.

Etiek as filosofiese debat word sedert 400 voor Christus uit die Griekse filosofie ontwikkel. Daar is 'n ooglopende gebrek aan moderne vordering binne die filosofiese debat oor etiek (Singer, 1994: 4). Singer argumenteer dat die moderne studie van etiek steeds gewortel is in die etiek van Aristoteles (384 – 322 vC). Dít gebeur terwyl moderne wetenskaplikes Aristoteles se teorieë oor fisika as 'n historiese koddigheid beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ofskoon Singer erken dat sommige moderne werk oor die etiek nuwe antwoorde op moderne vrae gee en selfs as 'verligtend' beskryf kan word, behoort die meeste grondbeginsels binne die etiese debat steeds tot die klassieke filosofie.

'n Kritiese ontleding van die etiese aspekte van verslaggewing oor geweldsmisdade moet dus steeds binne hierdie klassieke filosofiese debat gevoer word.

Binne die klassieke etiese debat word tussen die 'meta-etiek' en 'normatiewe etiek' onderskei. Die 'meta-etiek' is nie 'n deelname aan die praktyk van etiek nie, maar die beskouing en bespreking van die etiek as 'n geheel. In hierdie debat word vrae gevra en beantwoord óór etiek, maar nie soos met die 'normatiewe etiek' praktiese vrae gevra oor hoe eties spesifieke optrede is nie. Die tipe vrae wat in die 'meta-etiek' gevra word, is vrae soos: Wat is goed? Dit is in teenstelling met die tipe vrae wat in die 'normatiewe etiek' gevra word, soos: Hoe besluit ons watter optrede goed is? (Singer, 1994: 10)

Terwyl die tipe antwoorde wat ons op vrae binne die 'meta-etiek' gee noodwendig 'n wesenlike invloed sal hê op die antwoorde wat ons op vrae binne die 'normatiewe etiek' vra, val die toepassing van etiek binne die praktyk van die joernalistiek volledig binne die debat van die 'normatiewe etiek' of toegepaste etiek.

Die normatiewe etiek is gegrond in die meta-etiek en ontwikkel teorieë en beginsels waardeur bepaalde etiese keuses gemaak word (Retief, 2002: 11). Wanneer in die 'normatiewe' etiek gevra word of 'n bepaalde handeling reg of verkeerd is, en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



antwoord eerder gevind word in wat jou plig is eerder as wat die uitkoms van jou besluit sal inhou, word dié etiek deontologie genoem. Die woord deontologie kom van die Griekse woord *deon,* wat "duty" in Engels beteken en in Afrikaans as "plig" vertaal word (Retief, 2002: 9).

Deur 'n besluit te neem oor die reg of verkeerd van 'n bepaalde optrede, besluit 'n mens ook oor watter toestand van sake 'n mens deur middel van daardie optrede tot stand bring, vernietig, wen of verloor. Deur hierdie besluite oor optrede te maak, word dikwels nie net vrae gevra oor die reg of verkeerd (deontologie) van die optrede nie, maar ook oor die vraag wat goed of sleg is en wat die gevolge daarvan gaan wees (teleologie).

Wanneer die joernalis in sy rapportering van geweldsmisdade geen keuse uitoefen oor die 'reg' of 'verkeerd' van die meedeel van bepaalde inligting met die publiek en die slagoffers van die misdaad nie, omdat hy 'n spesifieke plig het, bevind hy hom in die milieu van die deontologie. Óf as hy moet besluit hoe sy rapportering 'n bepaalde toestand tot stand gaan bring, vernietig, iets gewen of verloor gaan word (die 'goed' of 'sleg' daarvan), bevind hy homself weer midde-in die teleologie. Teleologie is ontleen aan die Griekse word *teleos* wat in Engels "result" beteken, of 'gevolg' in Afrikaans (Retief, 2002: 7).

Gelukkig hoef die misdaadverslaggewer nie te besluit watter een van dié twee onderafdelings van die meta-etiek hy in sy alledaagse werk gaan aanhang nie. Enige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ervare misdaadverslaggewer sal weet dat wat in een situasie werk nie noodwendig in 'n ander werk nie.

Uit die voorbeelde wat in verdere hoofstukke genoem sal word, is dit duidelik dat geen moderne joernalis volledig 'n spesifieke filosofiese beginsel kan aanhang om te probeer aanspraak maak daarop dat sy aksies verantwoordelik is nie. Die blote aanhang van teleologie of deontologie kan lei tot uiterstes (Retief, 2002: 10).

Die beginsel wat eerder wyd aangehang word, is Aristoteles se teorie van die goue middeweg. Volgens dié teorie, is die sleutel tot etiese optrede *deugsaamheid* (Oosthuizen, 2002: 21). Aristoteles het geargumenteer dat deugsaamheid opgesluit is in mense se kennis om die middeweg tussen twee ekstreme te kan identifiseer.

Beide Retief (2002, 10) en Oosthuizen (2002, 21) meen die antwoord tot verantwoordelike joernalistiek lê nie bloot in die veld van die deontologie of teleologie nie, maar eerder in 'n goue middeweg waar ondervinding, kennis van etiese beginsels, kennis van die Wet, 'n uitstekende werkverhouding met bronne, wedersydse vertroue en 'n lys van goed saamgestelde riglyne die deurslag sal gee.

Prakties beteken dit dat die joernalis, of in die konteks van dié werkstuk – die misdaadverslaggewer, 'n balans moet bereik waarin hy beredeneerd op grond van kennis en omstandighede sal besluit wat uitgesaai of gepubliseer behoor te word. Ek glo dit is in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



hierdie middeweg of middelgrond waar ons riglyne vir die verantwoordelike misdaadverslaggewer sal vind.

Ook Pluraliste glo dat eties korrekte optrede deur omstandighede gedikteer word (Oosthuizen, 2002: 29).

W.D. Ross argumenteer dat daar sekere beginsels of pligte is ingevolge waarvan een besluit meer eties as 'n ander besluit sal wees. Waar die spesifieke beginsel of plig op die etiese glyskaal beland, kan gevind word in die aard van die plig self, en nie in die uitkoms van die optrede nie (Oosthuizen, 2002: 29). Sommige van hierdie pligte sou insluit om byvoorbeeld wettig op te tree of nie ander skade te berokken nie.

Die vrug van besinning oor hierdie etiese vrae sal 'n diepgaande invloed op die keuses hê wat die joernalis maak. Hierdie besinning moet egter in ag neem dat helder meta-etiese denke grondliggend is tot helder normatief-etiese denke. Indien 'n koerant joernalis op die vlak van die meta-etiese denke sou besluit dat groeiende sirkulasiesyfers die enigste 'goed' is, of die radio- en televisie-joernalis besluite sou neem op grond van luiser- en kykertalle, sou die antwoorde op hul normatief-etiese vrae drasties verskil van die joernalis wat besluit dat die enigste 'goed' is om te verseker dat misdadigers aan die pen ry en die algemene publiek beskerm word. Hul besluite sal verder gekompliseer word as hul hoofmotief die doelwitte van die veiligheidsmagte in diens van die staat is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Op ‘n selfs meer praktiese vlak verduidelik Francis Kasoma dat die morele reg binne die teleologie daarvan afhang of ‘n aksie deur ‘n joernalis ‘n gunstige uitslag vir die slagoffer of die samelewing sal hê (“The end justifies the means“). Daarenteen redeneer Kasoma dat die morele reg binne die deontologie daarin lê dat die joernalis wat weet dat sy verslaggewing sekere partye skade sal aandoen, steeds sal voortgaan met die verslaggewing op grond van ‘n morele beginsel wat buite die teleologiese beginsel val; soos byvoorbeeld die beginsel dat die waarheid altyd gerapporteer moet word. So ’n verslaggewer rapporteer dan die waarheid ongeag die uitkoms van sy dade (Nel, 1998: 266).

Hierdie beginsels – ofskoon nie altyd so akademies deurdag in die nuuskantoor nie – beïnvloed dikwels op ‘n baie praktiese vlak die werk van joernaliste.

Verwarrende faktore is die feit dat ons teenwoordigheid in Afrika ons ook bind aan die etiese bewussyn van die volkere van Afrika. Hierdie *Afri-etiek* moet ook deel vorm van ’n filosofiese ontleding (Nel, 1998: 276).

Nel haal vir Francis Kasoma aan waar hy waarsku dat die “tragedie” wat Afrika joernalistiek getref het, is dat die norme van “die noorde” (Westerse wêreld) te getrou nagevolg word. Hy argumenteer dat ’n Afrika perspektief of etiek in die nuuskantoor moet in ag neem dat die wêreld van die Afrikane die lewendes én die dooies insluit (Nel, 1998: 267).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Wat die lewendes doen of nie doen nie, het 'n uitwerking op die voorgeslagte of dooies omdat hulle nie werklik dood is nie, maar bloot teenwoordig is in 'n ander wêreld. Die "dooies" het die lewendes nodig omdat hul dade die gehalte van hul "lewe" in die dood beïnvloed (Nel, 1998: 267).

Dit is 'n feit dat 'n groot hoeveelheid swart joernaliste in die afgelope dekade die nuuskantore van die sogenaamde konvensionele media betree het. Hulle het 'n toenemende invloed op die klassieke paradigma's en etiese kodes wat die Westerse filosofie en media ons geleer het en in baie gevalle is dit selfs jammer dat hulle nie 'n groter invloed het om sommige van die Westerse standaarde te beïnvloed nie (Nel, 1998: 267).

Volgens Brian Metsepe (persoonlike mededeling op 12 November 2001), Port Elizabethse vryskutjoernalis, glo die meeste Nguni-volke steeds dat die dade van die afgestorwenes 'n invloed het op ons alledaagse bestaan. Hy wys daarop dat dit besluite in die nuuskantoor beïnvloed kan word deur motiewe om dooies tevrede te hou. Dieselfde geld natuurlik ook die lewendes.

Hy sê omdat sommige swart volkere sterk klem lê op nie net die belange van die individu nie, maar ook die groter belange van die stam, die stamgroep en die familie, beïnvloed die belange van die dooies en lewendes op al hierdie vlakke van die samelewing die besluite wat swart joernaliste sal neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Metsepe noem 'n voorbeeld in 1996 waar die polisie gevra is om na 'n huis in Somerstrand Port Elizabeth te gaan omdat bure gekla het dat 'n bees in die agterplaas van die betrokke huis geslag word. Die betrokke huis was dié van die voormalige Oos-Kaapse Premier, Raymond Mhlaba, en die beesslagtery was 'n tradisionele godsdienstige Xhosa-fees.

Hy sê 'n hewige stryery het by die dagblad *EP Herald* tussen swart en wit verslaggewers uitgebreek omdat swart verslaggewers gevoel het die voorval is nie vreemd, nuuswaardig of die moeite werd om oor te skryf nie. Blanke verslaggewers het gevoel die slag van 'n bees in 'n munisipale gebied sonder die nodige permitte is 'n misdryf. Boonop is die misdryf gepleeg op die erf van die voormalige Oos-Kaapse Premier wat op daardie stadium 'n Suid-Afrikaanse ambassadeur was.

Joernaliste en die media as instansie word dikwels daarvan beskuldig dat geen etiese oorwegings 'n rol speel in hul besluitneming of verslaggewing nie. Hierdie beskuldiging van non-etiek spruit noodwendig uit die manier waarop die publiek die media waarneem en ervaar.

Ofskoon bitter min hieroor in die literatuur verskyn, is die ooglopende oorsprong van die kritiek die uiteenlopende doelwitte van die media versus ander instansies, asook die aard en onmiddellikheid van besluitneming in die nuuskantoor. Hieroor sal meer gesê word wanneer na die pad vorentoe vir misdaadverslaggewing (Hoofstuk 7) gekyk word. Daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sal ook gekyk word na die spesifieke eise wat misdaadverslaggewing aan bogenoede etiese teorieë stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Hoofstuk 3: Die Misdaadverslaggewer en die Wet.

Retief (2002) wys daarop dat optrede binne die wet nie noodwendig die optrede eties korrek maak nie. In hierdie verband word Day (1991: 28) se beskouing wyd aanvaar. Day sê wette is nie die hoeksteen van die demokratiese beskawing nie. Dit is eerder die morele respek vir die wet wat die fondasie daarvan vorm.

Wette vorm dus bloot die basis van morele of eties korrekte optrede (Oosthuizen, 2002: 62) 'n Mens kan binne die wet optree en oneties wees, of oneties optree, maar binne die wet (De Beer et al, 1998: 299).

Dit is in die lig hiervan dat wette wat die optrede van misdaadverslaggewers beïnvloed, beskou moet word.

Ofskoon die Strafproseswet by verre die grootste invloed op die werk van die misdaadverslaggewer het, moet eers vlugtig na laster gekyk word. Wat laster betref, is die misdaadverslaggewer in presies dieselfde boot as ander verslaggewers. Laster bly laster – al word 'n selferkende misdadiger ook belaster.

Die media is egter in 1998 in 'n groot mate van die voetboeie van laster bevry (Retief, 2002: 32). In die verband word verwys na die Bogoshi-saak. Nthedi Bogoshi, 'n prokureur van Pretoria, het Nasionale Media, *City Press,* die koerant se redakteur en ander in 1996 vir R1,8 miljoen vir beweerde laster gedagvaar ná berigte in *City Press*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



waarin beweer is Bogoshi is betrokke by bedrog wat met eise teen die Padongelukkefonds verband hou (Retief, 2002: 33).

Regter Frikkie Eloff het in die Witwatersrandse Hooggeregshof 'n aansoek van die hand gewys waarin die koerant se regsverteenwoordigers versoek het om in teenstelling met die tradisionele twee verwere teen laster (inligting moet WAAR wees en in OPENBARE BELANG), 'n derde verweer aan te bied. Dié verweer was gebaseer op die aanname dat die beriggewing wettig was op grond van die feit dat vryheid van spraak in die Suid-Afrikaanse Grondwet verseker word en die koerant nie nalatig was in die proses wat hy gevolg het om die berigte te plaas nie (Retief, 2002: 33).

In die Appèlhof het regter Joos Hefer egter op 29 September 1998 beslis dat verwere teen laster nie tot die twee tradisionele verwere beperk kan word nie. Volgens Retief (2002: 33) was die effek van die beslissing dat die media nou kan aanvoer dat die afwesigheid van foutiewe dade as verweer teen laster aangevoer mag word. Met die afwesigheid van foutiewe dade word bedoel dat die verweerder geen bedoeling gehad het om die betrokke persoon te belaster nie. Daar is egter die voorwaarde dat die onus op die verweerder rus om te bewys dat hy nie nalatig was in sy optrede nie.

Die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 beheer die proses wat gevolg word in strafregtelike ondersoeke en hofsake. Die Wet het op 22 Julie 1977 in werking getree. Die 345 artikels van die Wet skryf in besonderhede elke aspek van die proses voor oor hoe strafsake ondersoek moet word, hoe misdadigers in hegtenis geneem moet word en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



hoe hulle in die land se howe vervolg moet word (Du Toit, De Jager, Paizes, Skeen, Van der Merwe, 2000: 1).

Die bepalings van die Wet slaan spesifiek op die optrede van geregsdienaars en die regslui. Dit skryf nie aan die publiek of media voor nie. Die wette wat in die algemeen aan die misdaadverslaggewer voorskryf hoe hy sy werk moet doen, wat gepubliseer en uitgesaai mag word, is die Polisiewet 7 van 1958, die Gevangeniswet 8 van 1959 en die Wet op Geestesgestremdes 18 van 1973 (Stuart, 1986: 157).

Sover as wat die Polisiewet vandag nog die werk van misdaadverslaggewers beïnvloed, kan bloot genoem word dat artikel 27B van die Wet bepaal dat onwaarhede oor die optrede van lede van die polisie nie gepubliseer mag word nie, geen foto's van mense in polisie-aanhouding gepubliseer mag word nie, en dat niemand wat nie 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens is nie, hom as sulks mag voordoen as so 'n lid nie (Stuart, 1986: 152 – 155).

Die Gevangeniswet stel beperkinge op toegang tot gevangenes, die aanhaal van gevangenes en beskrywings van die omstandighede in gevangenisse. Dit stel ook beperkinge op die publikasie van foto's of sketse van gevangenisse en gevangenes, tensy spesiale toestemming daarvoor verkry is of gevangenes by 'n hofverskyning gefotografeer of geskets is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die Wet op Geestesversteurdes bepaal dat dit 'n oortreding is om inligting, foto's of sketse te publiseer van mense wat deur die Staat as versteurd verklaar is en in inrigtings vir geestesversteurdes aangehou word.

Die nakoming van die spesifieke bepalings van die Polisiewet, die Gevangeniswet en die Wet op Geestesversteurdes deur die media verseker egter nie dat die media nie 'n invloed het op die gladde verloop van die strafproses nie. Selfs al skryf die Strafproseswet self nie aan die misdaadverslaggewer, sy nuusredakteur en redakteur voor wat hulle mag publiseer of uitsaai nie, staan hulle nie onafhanklik van hierdie Wet nie. 'n Verantwoordelike joernalis moet verstaan dat sy optrede binne die raamwerk van die Strafproseswet die proses van misdaadondersoek en strafregtelike vervolging beïnvloed.

Dit is haas onmoontlik om ál die aspekte van die lywige Strafproseswet te ontleed en te bepaal hoe dit die werk van die misdaadverslaggewer beïnvloed, tog is daar bepaalde aspekte van die Wet wat meer aandag verdien:

**Die uitkenning van 'n verdagte**

Artikel 37 van die Strafproseswet skryf voor hoe verdagtes uitgeken moet word en hoe hul voorkoms gedokumenteer moet word vir latere uitkenning in die hof.

Die riglyne is streng en plaas verskeie beperkings op die polisie (Du Toit et al. 2000: 3-11).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Ingevolge die Polisiewet en die Gevangeniswet is dit toelaatbaar om 'n foto van enige verdagte te publiseer wat in die hof verskyn het op voorwaarde dat die saak begin het en dat die foto buite die hof of op 'n perseel langs die hof geneem is.

Ondersoekbeamptes van ernstige misdade sê hierdie bepaling veroorsaak matelose probleme indien 'n verdagte vlugtig in die hof moet verskyn met die oog op verdere ondersoek en 'n uitkenningsparade dan daarna gedoen moet word.

Volgens inspekteur Melvin Humpel (onderhoud op 10 November 2001) van die Oos-Kaapse eenheid vir ernstige geweldsmisdade, veroorsaak die publikasie van enige koerantfoto van 'n verdagte voor 'n uitkenningsparade of met die aanvang van 'n hofsaak vir hom as ondersoekbeampte en die staatsaanklaer 'n probleem.

> *Die publikasie van die verdagte se foto skep ongetwyfeld 'n probleem vir die polisie omdat dit latere getuienis oor die identifikasie van die verdagte belemmer. Om ná die publikasie van die foto 'n uitkenninsparade te hou, bied geen antwoord nie omdat die hof kan bevind dat die identifikasie deur die foto geïnspireer is.*

Humpel wys daarop dat 'n vermeende misdadiger se eerste verskyning in die hof dikwels met die klere is waarin hy die misdaad gepleeg en in hegtenis geneem is. 'n Foto in die koerant van die vermeende misdadiger met dieselfde klere aan as waarmee hy die misdaad gepleeg het, veroorsaak dat selfs latere getuienis oor die verdagte se kleredrag deur die hof te lig geag kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Sy opinie word gesteun deur Mark Whale (onderhoud op 8 Oktober 2002), 'n spesiale ondersoeker in die Direktoraat van Spesiale Vervolgings (Skerpioene). Volgens hom mag hy nie die identiteit of besonderhede van sake bekend maak nie, maar is hy bewus van minstens 6 sake in 2002 aan die Witwatersrand wat ernstig belemmer is weens die wettige gebruik van persfoto's. Hy sê wat die mislukkings vir sy eenheid nog bitterder gemaak het, is omdat die media se samewerking in al hierdie gevalle vooraf gevra is.

Die hoof van die eenheid vir ernstige geweldsmisdade in die Oos-Kaap, superintendent Henry Trytsman, sê (persoonlike mededeling op 11 Julie 2001) dat wanneer 'n foto van 'n verdagte voor 'n uitkenningsparade in die media verskyn, kan bloot in die hof aangevoer word dat die verdagte uitgeken is aan die hand van gepubliseerde foto's.

Selfs die Departement van Justisie gee die Polisie gelyk. In die Staat teen Moti (1998) stel regter J. Nienaber riglyne oor die gebruik van foto's vir identifikasie in die hof. Nienaber sê die vroeëre identifikasie by wyse van 'n foto kan afbreuk doen aan die ooggetuie se latere identifikasie by wyse van 'n uitkenningsparade of getuienis in die hof.

Op 25 Februarie 2000 het die Polisie 'n klag van regsverydeling teen die *EP Herald*, die Port Elizabethse Engelstalige dagblad, ingedien nadat 'n foto van die agtienjarige Mzukisi Oliphant in kleur as hooffoto op sy voorblad gepubliseer is. Oliphant was een van die verdagte moordenaars van 'n plaaslike polisieman, inspekteur Donald Coltman, wat in Walmer in Port Elizabeth doodgeskiet is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Kaptein Fanus Rautenbach, bevelvoerder van die Port Elizabethse moord-en-roofeenheid, het volgens 'n berig in *Die Burger* gesê die klag is ingedien omdat die uitkenningsparade wat nog gehou moet word nutteloos gemaak is deur die optrede van die koerant. Volgens hom sou dit moeilik wees om 'n regter te oortuig dat die speurders hul bes gedoen het om seker te maak dat die verdagte nie voor die uitkenningsparade geïdentifiseer kon word nie (*Die Burger*; 26 Februarie: 3).

Hy het gesê die ondersoekbeamte in die saak, sersant Chris Els, het persfotograwe voor die hofverskyning gewaarsku dat die publisering van foto's hul ondersoek sal belemmer omdat die uitkenningsparade nog nie gehou is nie. Els het volgens hom die media se samewerking gevra om die Polisie se kanse te verbeter om 'n skuldigbevinding in die saak te behaal.

"Hoe gaan aan die vermoorde polisieman se vrou en kinders verduidelik word dat dit (die saak) klaarblyklik as onbenullig geag is om al die moontlike te doen sodat die reg sy verloop kan neem?" het Rautenbach luidens die berig in *Die Burger* gesê.

Die saak teen *The Herald* is in 2002 teruggetrek nadat die verdagtes in die saak suksesvol vervolg is. Rautenbach het in 'n onderhoud voet by stuk gehou dat die publikasie van die foto van die verdagte in *The Herald* beslis die staat se saak in gevaar gestel en vertraag het (Rautenbach, 2002).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die foto op bl.1 van *The Herald* op Woensdag 26 Junie 2002 van een van die verdagtes in 'n motorkapingsdrama het ook gelei tot die ernstige belemmering van 'n strafsaak. Die foto is geneem minute nadat die verdagte in hegtenis geneem is in Sidwell Port Elizabeth. Die foto het verskyn voordat die slagoffer van die kaping, die 95-jarige Maria Fitzgerald van Pietermaritzburg, die vermeende kaper positief kon uitken.

Die strafsaak teen die verdagte is steeds hangende (Januarie 2004). Inspekteur Humpel sê (persoonlike mededeling op 10 Januarie 2004) een van die hoofredes vir die vertraging in die saak is die feit dat die verdagte nog nie positief met die misdryf verbind kan word nie weens die gebrek aan 'n geloofwaardige positiewe uitwysing.

**Foto's en inligting van misdaadtonele**

'n Verdere klagte deur ondersoekbeamptes is dat daar geen wetlike beperkinge is op die publisering van foto's of die beskrywing van misdaadtonele nie. Volgens Humpel is 'n integrale deel van die suksesvolle vervolging van misdadigers en die geloofwaardigheid van getuies die vermoë van verdagtes en getuies om in die hof 'n misdaadtoneel akkuraat te kan beskryf. Die publisering van foto's of besonderhede van 'n misdaadtoneel belemmer ondersoeke op presies dieselfde manier as die publisering van foto's van verdagtes, sê Humpel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hy sê dit raak veral kritiek as uitwysings later gedoen moet word omdat dit meermale gebeur dat die vermeende misdadiger later getuig dat hy die betrokke huis, kantoor of winkel herken het aan die hand van 'n foto of beskrywing wat in die koerant verskyn het.

Hy sê 'n uitwysing van 'n misdaadtoneel is net so belangrik voor die hof as 'n bekentenis of uitkenningsparade. Indien die hof bevind dat 'n bekentenis bevoorbeeld onder dwang gemaak is, gooi die hof dit uit. Dieselfde geld 'n uitwysing wat onder verdagte omstandighede gedoen is.

**Die joernalis as landsburger**

Baie joernaliste maak die fout om te dink dat hulle meer regte het as landsburgers. Die hoofrede hiervoor is omdat joernaliste die beginsel van vryheid van spraak verhef tot onrealistiese vlakke. Luidens die Internet artikel Columbia Journalism Review – *Punishing the Press* - van Maart 1997 neem joernaliste verkeerdelik die aanname aan dat vryheid van die pers outomaties joernaliste beskerm en in 'n ander kategorie plaas as lede van die publiek (www.britannica.com/bcom/magazine/article/0,5744,1983,00.html).

In Amerika word hierdie aanname deur die Eerste Wetswysiging van die Amerikaanse Grondwet aangevuur. Daar word gepraat van die 'Watergate generation' wat glo dat die Eerste Wetswysiging hulle daarvan beskerm om inligting bekend te maak, selfs as die weerhouding van die inligting tot verdere misdade kan lei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die Amerikaanse Appèlhof deel nie dié aanname nie. Reeds in 1972 het regter Byron White in die uitspraak van die saak Branzburg teen Hayes gesê joernaliste glo dit is beter om oor misdaad te skryf as om iets daaromtrent te doen. Die hof het beslis dat verslaggewers nie die Eerste Wetswysiging kan misbruik om inligting en die identiteit van bronne van die staat te weerhou nie (www.britannica.com/bcom/magazine/article/0,5744,1983,00.html; 3).

In die saak Houchins teen KQED (1977) het die Amerikaanse Appèlhof verder beslis dat die Eerste Wetswysiging op geen manier aan verslaggewers die reg gee om plekke te besoek waar lede van die publiek nie toegelaat word nie (www.britannica.com/bcom/magazine/0,57744,1983,00.html; 3).

Ook in Suid-Afrika kom die vraag van buitengewone voorregte vir joernaliste reeds jare lank onder die soeklig. Regter Denning som die joernalis se geloof dat hy bo die reg verhef is op in sy uitspraak in die saak van die Staat teen Mulholland in 1963. Hy het gesê:

> *The journalist puts forward as his justification the pursuit of truth. It is in the public interest, he says, that he should obtain information in confidence and publish it to the world at large, for by so doing he brings to the public notice that which they should know.*

Regter Denning gaan egter nie met hierdie argument akkoord nie. Hy het verder gesê:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



> "... it seems to me that the journalist puts the matter too high. The only profession that I know of which is given the privilege from disclosing information to a court of law is the legal profession... If the Judge determines that the journalist must answer, then no privilege will avail him to refuse" (Stuart, 1991: 252).

Ook die Steyn Kommissie van Ondersoek na die Massamedia het bevind die joernalis het 'n wetlike verpligting as "landsburger" om hom by die bepalings van die Strafproseswet te hou – veral as die openbare belang swaarder weeg as die persoonlike belang (*Report of the Steyn Commission of Inquiry into the Mass Media*; 1981, Vol III, 1040).

Dit is opmerklik dat Steyn na joernaliste as landsburgers verwys. Daarmee gee hy te kenne dat joernaliste op geen manier bo landswette verhewe is nie.

'n Verdere rede waarom joernaliste verkeerdelik dink hulle het meer regte as lede van die publiek, is die beginsel soos vervat in klousule VII van die gedragskode van die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Joernaliste wat bepaal dat joernaliste hul bronne te alle koste moet beskerm. Klousule VII lees: "A journalist shall protect confidential sources of information."

Hierdie beginsel word letterlik deur joernaliste as heilig beskou en word identies neergelê in die "Declaration of Principles on the Conduct of Journalists" soos onderskryf deur die Federasie vir Joernaliste waaraan meeste Westerse mediagroepe behoort.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Een van die uitvloeisels van dié beginsel is dat joernaliste deurlopend met die Staat bots wanneer die Staat spesifieke vertroulike inligting wil bekom. Die groot hoeveelheid kere dat joernaliste met artikel 205 (1) van die Strafproseswet gedagvaar gedreig is, bewys dit.

Hierdie beginsel veroorsaak ook buite die hof konflik, veral met die regering. Op 'n werkwinkel oor misdaad in Pretoria het die Minister van Justisie, Penuell Maduna, op 25 November 2001 gesê dit maak hom siek as joernaliste inligting van die polisie weerhou.

Hy is deur SAPA aangehaal dat "geen samelewing dit kan toelaat nie… Dit maak my siek as iemand met 'n misdadiger sit en 'n onderhoud met hom voer en toelaat dat die misdadiger oor sy dade spog… Omdat daardie mens 'n joernalis is, sal hy of sy sê: 'Ek gaan nie vir jou enige inligting gee nie, maar ek sal reg wees as ek vir die regering vra wat hy omtrent die misdryf gaan doen'."

Maduna het gesê joernaliste hemel misdadigers op deur oor hulle te skryf, maar nie inligting aan die polisie te wil gee nie. Hy vra waarom joernaliste nie eerder hul dade so struktureer dat hulle iets omtrent die misdaad doen nie? (Maduna 2001)

Maduna se aanval op joernaliste herinner aan die moratorium op misdaadstatistiek omdat die regering gevoel het joernaliste skets daardeur 'n vals prent van misdaad in Suid-Afrika. Meer hieroor in hoofstuk 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Met al die wette hierbo in oënskou, staan een tema sentraal. Optrede binne die wet maak nie optrede eties verantwoordelik nie. Misdaadverslaggewers kan deurgaans wettig optree, maar steeds ondersoeke in die wiele ry, steeds gedragskodes oortree en steeds slagoffers van geweld skade berokken.

Wet en etiek loop nie hand aan hand nie. Die gevolgtrekking is dus dat ons in ons soeke na verantwoordelike misdaadverslaggewing veel wyer as landswette sal moet soek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Hoofstuk 4: Die Misdaadverslaggewer se verantwoordelikheidsveld

Die media word dikwels daarvan gekritiseer dat hy eenkant staan terwyl die aaklighede van die lewe voor hom afspeel. Goeie voorbeelde is die 1996-moord op die Kaapse bendeleier Rashaad Staggie wat deur Reuters, die SABC en Associated Press verfilm is sonder dat daar probeer is om bystand te bied. So ook het die Suid-Afrikaanse fotojoernalis Keven Carter die Pulitzer Prys gewen met 'n foto van 'n Soedannese kind wat doodhonger op die grond neerkrimp met 'n aasvoël kort agter hom.

Joernalistieke apatie teenoor die werklikhede van die wêreld word dikwels deur joernaliste geregverdig as gevolg van die vooropgestelde 'beginsel' dat hulle nodig het om objektief te wees.

Oor objektiwiteit sê Retief (2002: 100) die meeste mense sien wat hulle wil sien en dink op die manier waarop hulle geleer het om te dink. In dié verband verwys Retief na paradigmas en vergelyk dit daarmee as sou elke mens deur sy eie bril na die werklikheid kyk en dit op 'n spesifieke manier sien en dus ook op 'n spesifieke manier interpreteer.

Hy steun die argument dat objektiwiteit nie eintlik moontlik is nie en haal vir Theodore Glasser aan wat aanvoer dat joernaliste met 'objektiwiteit' bedoel dat hulle 'n stel reëls aanhang wat hulle in staat stel om op 'n spesifieke manier 'n "reg tot aksie" het (Retief, 2002: 100).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Glasser meen wanneer die media van objektiwiteit praat, is dit eintlik 'n vorm van bevoordeeldheid ten gunste van:

- Die aanhang van bestaande werkwyses;
- Teen onafhanklike denke; en
- Teen eties regverdigbare optrede.

'n Voorval gedurende die Amerikaanse inval in Irak op 1 April 2003 het Brent Cunningham, bestuursredakteur van die *Columbia Journalism Review,* genoodsaak om met 'n nuwe bril na objektiwiteit te kyk. Ron Martz, 'n verslaggewer vir die *Atlanta Journal-Constitution,* het sy joernalistieke rol tydelik prysgegee om 'n sakkie vir binne-aarse voeding vir 'n gewonde soldaat omhoog te hou (Cunningham, 2003).

Volgens Martz is hy eerstens 'n mens en eers daarna 'n joernalis. Cunnigham sê dié voorbeeld wys dat ten spyte daarvan dat die joernalistieke beroep poog om so min menslik as moontlik te wees, kan ons nie anders nie as om eerstens mense te wees.

Tog is dit nie die beeld wat hierbo geskets word wat voorop by die publiek is nie. Die publiek se kritiek op die joernalis word akkuraat opgesom deur Janet Malcolm in haar boek *The Journalist and the Murderer*. Sy skryf:

> *Every journalist who is not too stupid or too full of himself to notice what is going on knows that what he does is morally indefensible. He is a kind of confidence man, preying on people's vanity, ignorance, or loneliness, gaining their trust and betraying them without remorse... Journalists justify their treachery in various ways according to their temperaments. The more pompous talk about freedom of speech and 'the public's right to*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*know'; the least talented talk about Art; the seemliest murmer earning a living (Malcolm, 1990: 3).*

Haar – en die mense wat met haar saamstem – se kritiek is fel. Dit neem egter verskeie verantwoordelikhede van die joernalis nie in ag nie.

Tim du Plessis - soos hy oor die rol van die joernalis in die samelewing as redakteur van *The Citizen* deur Pieter Malan in *Die Burger* aangehaal is – sê die joernalis en die media se krag lê in die "unieke rol" wat hy in die samelewing speel.

*Ons sleutelrol is ons onafhanklikheid. Ons werk nie vir die misdadigers, die regering of die polisie nie. Sodra die indruk posvat dat ons gereeld inligting aan die polisie– of wie ook al verskaf, het ons probleme (Malan, 2000: 7).*

Du Plessis se verwysing na misdadigers, die regering (staat) en die polisie, staan aan die kruks van die vraag rondom die verslaggewer se verantwoordelikheidsveld. Hy noem egter nie die verslaggewer se verantwoordelikheid teenoor sy werkgewer en die samelewing in die breër sin van die woord (mede-landsburgers) nie.

Day (1991: 29) sê ofskoon daar baie soorte etiese pligte is, kan dit in twee onderafdelings verdeel word: Algemene etiese verpligtinge en spesifieke etiese verpligtinge. Algemene etiese verpligtinge is op alle lede van die samelewing van toepassing. Sommige is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



primêre of fundamentele verpligtinge soos dat 'n mens nie mag steel nie, lieg of verkul nie, terwyl ander sekondêr is soos dat 'n mens nie moet dobbel nie of op ander se eiendom oortree nie (Day, 1991: 29).

Spesifieke etiese verpligtinge word bepaal deur affiliasie aan 'n spesifieke groep, professie of werkverband. Die voorbeelde wat Day gebruik is dié dat Rooms-Katolieke nie voorbehoeding mag gebruik nie of dat dokters en prokureurs die vertrouensverhouding tussen hul pasiënte en kliënte nie mag verbreek nie. Net so, stel Day voor, het joernaliste ook sekere spesifieke verpligtinge wat spruit uit hul affiliasie tot hul beroep.

Voorbeelde van hierdie verpligtinge is om die identiteit van bronne te beskerm, nie plagiaat te pleeg nie of 'n konflik van belange te vermy.

In die praktyk gebeur dit egter dat algemene en spesifieke verpligtinge in konflik kom met mekaar. Dit lei nie net tot hewige debatte nie, maar ook tot situasies waar misdaadverslaggewers in 'n breukdeel van 'n sekonde besluite moet neem. Retief (2002: 185) verwys na so 'n voorbeeld toe drie lede van die AWB in 1994 in Bophuthatswana deur lede van dié tuisland se polisie doodgeskiet is. Twee van die lede het Andriette Stofberg van *Beeld* en twee fotograwe om hulp gevra omdat hulle lig gewond was. Nadat skote hoër op in die straat begin klap het, is hulle soontoe om te sien wat aangaan. In dié tyd is die mans doodgeskiet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Retief sê in sy beoordeling van die joernaliste dat hulle hul algemene verpligting as burgers nagekom het deur die polisieman namens die mans om hulp te vra. Hy redeneer ook dat die joernaliste nie soldate of dokters was nie en dus nie verder sou kon help nie. My vraag is: Indien hulle die twee gewonde mans in hul motor gelaai en van die toneel weggeneem het, sou die mans dalk nog vandag geleef het?

Hierdie is moeilike vrae en bly moeilik om te beantwoord. Die spesifieke omstandighede dikteer altyd wat die korrekte antwoord sal wees, maar bly 'n klassieke voorbeeld van waar algemene en spesifieke verpligtinge in konflik kom.

In hierdie geval is dit duidelik dat die betrokke joernaliste verkies het om voort te gaan om hul werk te doen eerder as om die mans te help. Dit kan bewys word deurdat die weduwees en kinders van die mans wat geskiet is op TV en in die koerante die beelde van hul sterwende mans en pa's moes sien.

**Die misdaadverslaggewer se verantwoordelikheidsvelde:**

Waar dit kom by die misdaadverslaggewer se verantwoordelikheidsveld, kom vyf entiteite ter sprake: die misdadiger; die polisie; die staat; die werkgewer en die mede-landsburger.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Die werkgewer:**

Die realiteit van nuusverslaggewing soos dit prakties in die nuuskantoor manifesteer, maak die verantwoordelikheid teenoor die werkgewer baie prominent. Die aard en die onmiddellikheid van nuus, gekoppel met die ander werklikhede van die nuuskantoor, veroorsaak verskeie faktore wat tot konflik tussen die misdaadverslaggewer, die staat en die mede-landsburger lei.

Dit is altyd moeilik om twee gode te dien. Die misdaadverslaggewer se onafhanklikheid word erg aan bande gelê wanneer hy in 'n konflikterende situasie is. En hy bevind hom dikwels in 'n konflikterende situasie omdat die nuusredakteur van 'n dagblad byvoorbeeld nie verder as die volgende saktyd dink nie, maar die ondersoekbeampte in die saak 'n ondersoek bestuur wat oor weke kan strek. Die misdaadverslaggewer staan midde in hierdie konflikterende verhouding.

Die Oos-Kaapse dagblad *The Herald* was slagoffer van saktyd-druk in hul dekking van mev. Marike de Klerk – voormalige presidentsvrou – se dood. Op die aand van Dinsdag 4 Des ember, 2001, was die inligting oor mev. De Klerk se dood nog vaag. Die nagnuusredakteur wat die aand aan diens was, moes besluit hoe die nuus aangebied word. Die betrokke verslaggewer het die nuus versigtig aangebied deur te berig: "Former first lady Marike de Klerk was found dead in her Bloubergstrand flat yesterday after a

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



suspected suicide" (2001: 1) omdat die polisie nie aan hom kon bevestig dat mev. De Klerk selfmoord gepleeg het nie.

Hy gaan verder deur te berig dat die ondersoekbeampte in die saak nie kon sê wat die oorsaak van haar dood was nie.

Die berig is deur die nagnuusredakteur oorgeskryf om die indruk te wek dat dit selfmoord was. Die berig het 'n tweede paragraaf bygekry wat gelui het:

> All evidence indicates that Mrs De Klerk – who spiralled into depression after her divorce from former president FW de Klerk in 1998 and failed engagement in 1999 – shot herself (Anon. 2001: 1).

Die koerant gaan dan verder deur die berig te plaas onder 'n 56-punt opskrif: "Marike suicide tragedy" met 'n voorbladkassie onder die opskrif: "Struggle to find peace – Marike just wanted to disappear from the public eye – report on P. 2."

Die Wes-Kaapse Polisie het op dieselfde dag as die publikasie van *The Herald* se 'selfmoord'-voorblad, aangekondig dat mev. De Klerk vermoor is. Daarom was die Oos-Kaapse uitgawe van *Die Burger* – wat min of meer dieselfde inligting as *The Herald* gehad het, veel versigtiger onder die opskrif: "Raaisel oor Marike se dood". Die feit dat *The Herald* se nagnuusredakteur onder saktyd-druk "besluit" het dat mev. De Klerk selfmoord gepleeg het, het nie net die koerant se geloofwaardigheid aangetas nie, maar 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



hewige twis tussen die betrokke verslaggewer en die koerant veroorsaak (Rademeyer, 2002).

Die verslaggewer se argument was dat dit sy verhouding met sy bronne binne die Wes-Kaapse polisie skade sal berokken.

Dis misdaadverslaggewer se verhouding met sy bron word dikwels nie deur sy werkgewer hoog geag nie. Die rede hiervoor is dat die verslaggewer 'n verhouding oor die langer termyn wil opbou, maar die nuusredakteur en redakteur onmiddellike resultate in sirkulasiesyfers, kyker- en luistertalle wil sien.

Sirkulasiesyfers, kyker- en luistertalle is sekerlik van die belangrikste markkragte wat deurgaans in nuuskantore bespreek word. Die outokratiese struktuur van die moderne nuuskantoor, waarin die nuusredakteur en redakteur byna volmag het oor besluite wat die nuusproduk raak, plaas die verslaggewer deurgaans in moeilike situasies waar hy die voordele op die langer termyn met die korttermyndoelwitte van sy werkgewer moet opweeg.

**Mede-landsburger en staat:**

Volgens dr. George Claassen, assistent-redakteur van Die Burger en voormalige hoof van die department joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch, is daar mense wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



argumenteer dat "patriotiese joernaliste" die plig het om inligting oor misdadigers en misdade aan die polisie te gee (2000: 7).

Uit die term "patriotiese joernalis" en in die konteks wat dit gebruik is, kan die afleiding gemaak word dat die medelandsburger en die staat 'n sekere verwagting van die joernalis het. Is dit eers as die joernalis aan daardie verwagtinge voldoen, dat hy kwalifiseer om 'n goeie landsburger te wees?

Claassen meen egter die mense wat argumenteer dat die "patriotiese joernalis" se plig is om inligting oor misdadigers aan die staat beskikbaar te stel, vergeet een belangrike waarheid:

> *Joernaliste in dié land is elke dag besig om misdaad te bekamp deur stories oor korrupsie uit te krap. Deur hulle (joernaliste) te dwing om inligting aan die staat oor te dra, belemmer jy egter die werk en maak jy dit vir hulle net moeiliker om dié belangrike taak te verrig.*

Hy gee toe dat die gemeenskap nie altyd hierdie belangrike taak behoorlik verstaan nie weens hul onbegrip vir die realiteite van alledaagse joernalistiek en die vae grense wat bestaan wanneer media-etiese vrae gevra word oor aanvaarbare en nie-aanvaarbare gedrag deur joernaliste.

Joernaliste is egter ook landsburgers. Hulle kan hulle nie heeltemal losmaak van hul plig as landsburgers nie, maar moet ook die vermoë hê om objektiwiteit en neutraliteit te behou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Daar is geen helder lyn tussen die lojaliteit as landsburger en die professionele verpligting as joernalis teenoor jou mede-burger nie. Hier moet omstandighede, ondervinding, etiese oorwegings en straatvaardigheid (common sense) die besluitneming oorheers (Day, 1991: 200).

Tog onstaan konflikterende omstandighede waarin die joernalis onder druk en binne sekondes etiese besluite moet neem in krisis-omstandighede en in ’n ommesientjie. Toe Kobus Esterhuyse, in 1997 verslaggewer by Die Burger (Oos-Kaap), uit sy motor klim op die dak van Pier 14, ’n vyfverdieping winkelkompleks in Noordeinde, Port Elizabeth, het ‘n man nie ver van hom nie op ‘n muur gestaan gereed om na sy dood te spring. Geen polisie of reddingspersoneel was op die toneel nie.

Esterhuyse se eerste instink was om ’n fotograaf te kry. Hy het hom na *Die Burger* se nuuskantoor gehaas wat in dieselfde gebou was, ’n fotograaf gekry en op die sypaadjie onder saam met ander omstanders gewag om te sien wat gebeur. Nadat die polisie opgedaag het, het hulle die man oortuig om nie te spring nie. Esterhuyse is destyds gevra waarom hy nie op die dak gebly het en met die man probeer praat het nie. Sy antwoord was dat hy nie opgelei is in onderhandelinge met mense wat selfmoord wil pleeg nie en dat sy beroep die van joernalis is. Al wat hy wou doen is om die fotograaf in posisie te kry voor die man spring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die vraag moet egter gevra word of hierdie optrede eties verdedigbaar is. Wat sou Esterhuyse gedoen het indien die man petrol oor homself uitgegooi en homself aan die brand gesteek het? Sou hy teruggestaan het om te kyk hoe die man brand, sou die fotograaf dit verfilm het of sou hulle die vlamme probeer blus en die man probeer red het?

In die Oos-Kaap het koerante 'n beleid aanvaar op versoek van 'n drukgroep wat deur die Nederduitse Gereformeerde gemeente op Loerie saam met die Polisie begin is dat selfmoorde van die Vanstandensrivierbrug geen nuusdekking moet kry nie. Die argument was dat die vele verwysings in die media na die "Brug van die dood" tot meer selfmoorde van die brug aanleiding gee.

Ofskoon dié voorbeeld in hoofstuk 6 in 'n spesifieke gevallestudie bekyk word, is dit lonend om reeds hier kennis te neem van wat gebeur het toe Gregory Bashells van Schauderville in Port Elizabeth in November 1997 sy twee seuns van die brug gooi en ook self na sy dood spring het. Die Burger het in 'n hoofberig van die joernalis Barnie Louw geskryf van verpletterde lyke wat onder die 'Brug van die dood' gevind is. Die koerant het 'n ooreenkoms verbreek waaraan hy self 'n aandeel gehad het omdat die nuus van die dag dit genoodsaak het.

In altwee bogenoemde gevalle het eers die joernalis op die toneel en later die joernalis in die nuuskantoor terwyl hy sy berig geskryf het in konflik gekom met uiteenlopende verantwoordelikheidsvelde. In die eerste geval kon Esterhuyse waarskynlik meer gedoen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



het om te verhoed dat die man selfmoord pleeg. Die feit dat die man uiteindelik nie gespring het nie, is nie noodwendig verligtende omstandighede nie.

In die tweede geval het Die Burger 'n aandeel gehad in die besluit om nie sensasioneel na selfmoorde van die Vanstandensrivierbrug te skryf nie en ook nie na die "Brug van die dood" te verwys nie. Indien die koerant saamgestem het met die beginsels ingevolge waarvan die besluit geneem is, moes dit deel geword het van die koerant se eie gedragskode en daarby gehou word. Die besluit deur die nuusredakteur, Piet van Niekerk, was egter dat die betrokke hoofberig 'n goeie plakkaat sal maak en meer koerante in 'n moeilike Oos-Kaapse mark sal verkoop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Hoofstuk 5: Op soek na riglyne vir die maak van etiese besluite.

Riglyne vir die optrede van verantwoordelike misdaadverslaggewers kan slegs oorweeg word as volledig gekyk word na bestaande riglyne, tekortkominge daarin en die unieke problematiek wat Suid-Afrika oplewer in die soeke na meer volledige riglyne.

Wat bestaande riglyne betref, moet daar 'n onderskeid getref word tussen institusionele en professionele etiese kodes. Institusionele kodes word deur 'n groep media-organisasies gesamentlik aanvaar en nagevolg terwyl professionele kodes verwys na kodes wat deur 'n spesifieke media-organisasie gebruik word (Retief, 2002: 237).

**Institusionele kodes**

Die Persombudsman van Suid-Afrika is op 2 Desember 1998 gesamentlik deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (SANEF), die Suid-Afrikaanse Unie vir Joernaliste (SAUJ), die Forum vir Redakteurs van Gemeenskapskoerante (FECN), die Mediawerkersvereniging van Suid-Afrika (MWASA), die Koerantvereniging van Suid-Afrika (NASA) en die Vereniging van Tydskrifpubliseerders van Suid-Afrika (MPA) daargestel as 'n onpartydige en onafhanklike klagtekommissie om dispute wat deur die media veroorsaak word, te bemiddel (Oosthuizen, 2002: 154).

Uitsprake of beoordeling van dispute – asook uitsprake in die geval van appèlle - word gedoen kragtens 'n Gedragskode wat deur al die stigterslede van die Persombudsman aanvaar is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hierdie Gedragskode gee in breë riglyne vir die gedrag van joernaliste in Suid-Afrika. Dit gee egter min riglyne aan misdaadverslaggewers.

Die vernaamste artikels wat op die misdaadverslaggewer van toepassing is, is artikel 1.8 wat bepaal dat slagoffers van verkragting of ander seksuele geweld nie geïdentifiseer mag word nie tensy die slagoffer self toestemming daarvoor verleen. Artikel 8 stel in breë voor dat geweld, wreedaardighede en gruweldade met omsigtigheid gepubliseer behoort te word.

Ander riglyne in die Gedragskode is van waarde vir verslaggewing in die algemeen, soos bepalings dat nuus waar, akkuraat en objektief weergegee moet word, dat nuus in konteks geplaas moet word, nie oordryf moet word nie, belangrike inligting nie uitgelaat moet word nie en onnodig en verkeerdelik opgesom behoort te word nie.

Nog 'n institusionele kode wat hier aandag verdien, is dié van die die Suid-Afrikaanse Unie van Joernaliste (SAUJ). Ook dié kode is baie breed van aard en fokus net soos die Persombudsman op akkuraatheid, die beskerming van bronne en die weerhouding daarvan om privaatheid te skend.

Drie spesifieke artikels raak veral die optrede van misdaadverslaggewers. Dit is:

- Lede sal inligting, foto's en sketse op 'n eerlike manier bekom. Enige ander manier kan slegs geregverdig word as die groter openbare belang in ag geneem word;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Lede sal nie inbreek maak op mense se private hartseer, lyding en spanning tensy dit as gevolg van openbare belang geregverdig kan word nie; en
- Lede sal vertroulike bronne beskerm.

Die Gedragskode van die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika (BCCSA) skryf ook in breë voor hoe die elektroniese media nuus behoort te rapporteer. Veral artikel 2.7 is op die misdaadverslaggewer van toepassing waar dit voorskryf dat die identiteit van verkragtingslagoffers en slagoffers van seksuele geweld nie sonder toestemming bekend gemaak mag word nie. Artikel 5 gee in besonder aandag aan die beskerming van privaatheid en menswaardigheid van individue.

Artikel 6 skryf voor dat misdadigers nie vir inligting betaal mag word nie, tensy dringende sosiale aandag dit verlang.

**Professionele kodes**

Die meeste groot mediagroepe het professionele kodes wat soortgelyk is aan die institusionele kodes van die organisasies waarvan hulle deel vorm. Nie een van dié kodes verwys in enige manier meer spesifiek na die werk van misdaadverslaggewers nie.

Dit is veilig om te sê dat daar 'n algemene gebrek in institusionele en professionele kodes is aan spesifieke riglyne vir misdaadverslaggewers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Joernaliste se vermoë om etiese besluite te neem, word dikwels aangeval. Gordon S. Jackson argumenteer in sy boek *Breaking Story* dat die Suid-Afrikaanse joernalis se lang stryd om persvryheid in die Apartheidsera daartoe bygedra het dat joernalistieke debatte gedomineer is deur aspekte van persvryheid en die konflik tussen die regering en die media. Hy voer aan dat die joernalis min tyd gekry het vir filosofiese aspekte wat sy gedrag kon reguleer (Jackson, 1993: 225). Hierdie aspek word meer volledig bespreek wanneer gekyk word na die invloed van die outoritêre normatiewe raamwerk waarbinne joernalistiek on die NP-regering gepleeg is aan die einde van dié hoofstuk.

Volgens Jackson is joernaliste in elk geval swak toegerus om oor aspekte soos privaatheid, tegnieke vir die insameling van nuus en die beskerming van bronne te debatteer. Hy sê joernaliste maak staat op hul eie waardesisteme en persoonlike vae geloof oor wat goeie en verantwoordelike joernalistiek sal konstitueer.

> *The contention here, therefore, is that there is a dearth of careful thinking on the nature of journalism, except for press freedom issues. Those more thoughtful practitioners and papers that do wrestle with the implications of their craft are singularly ill equipped to do so in the absence of a clearly defined, coherent set of values that could direct and justify their thinking (Jackson, 1993: 225).*

Jackson se uitspraak plaas 'n aksent op die gebrek aan etiese riglyne vir die Suid-Afrikaanse joernalis in die algemeen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Wanneer die misdaadverslaggewer sy notaboek of kamera uitpluk, die bron begin praat en die nuusredakteur wag vir die storie, is dit moeilik om ingewikkelde filosofiese beginsels en argumente in ag te neem ten einde korrek op te tree.

Om dié rede het die etiekkenners Jay Black, Bob Steele en Ralph Barney drie beginsels voorgestel om etiek in die werkplek toe te pas (Black *et al,* 1992: 17).

Hul drie beginsels is: Wees altyd op soek na die waarheid, tree onafhanklik op en verminder die kanse op skade.

Die soeke na waarheid word volgens Black, Steele en Barney gebou deur eerlik, regverdig en dapper te wees in die proses van inligting insameling, verslagdoening en die interpretasie van inligting. Hulle voel ook dat mense wat mag het, verantwoordelik gehou moet word vir hul besluite en dat mense wat gewoonlik geen sê het nie deur verslaggewing 'n stem moet kry.

Hulle meen om onafhanklik op te tree moet die verslaggewer seker maak dat hy vry is van vennootskappe en aktiwiteite wat integriteit en geloofwaardigheid kan aantas. Dit beteken ook dat die joernalis verantwoordelikheid moet aanvaar vir sy besluite.

Om die kanse op skade te verminder, moet die joernalis empatie hê met die mense wat deur die verslaggewing geraak word en bronne, slagoffers en kollegas moet soos mense hanteer word wat gevoelens het en respek verdien. Laastens meen die drie daar moet

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



erkenning daaraan gegee word dat nuusinsameling en verslaggewing skade kan aanrig en ongemaklikheid kan veroorsaak, maar dat dit gebalanseer moet word met alternatiewe wat die waarheid kan laat seëvier.

Die media-etikus Edmund Lambeth stel vyf etiese beginsels voor wat op joernalistiek van toepassing gemaak behoort te word. Dit is die beginsels van waarheid, reg, vryheid, menslikheid en om 'n waghond vir die samelewing te wees (Jackson, 1993: 226).

**Waarheid:**

Die beginsel van waarheid, soos beskryf deur Lambeth, is veel meer as akkurate verslaggewing. Die beginsel is eerder gebou in die soeke na begrip en konteks. Dit is in hierdie ekstra dimensie van waarheid wat die antwoord vir die verantwoordelike verslaggewer lê. Sy kennis van die Strafproseswet, sy ondervinding, sy begrip vir die uitkoms van sy woorde en dade en sy besondere verhouding met sy bron waarborg dat hy ingeligte en kennisvolle etiese besluite oor sy nuusproduk neem. Die verantwoordelike verslaggewer het dus die verantwoordelikheid om die kennis op te doen om sy veld van verslaggewing behoorlik te verstaan.

Lambeth skryf:

> *The point is that without one or more of these skills he or she may come far less close to the truth in his work, may fail to realize his potential as a moral agent, as a truth teller.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Reg:**

Lambeth is van mening dat reg geskied deur die joernalis se wil om regverdig te wees. Om regverdig te wees is volgens hom nie eenvoudig nie en word nie bereik deur 'n paar reëls na te kom nie. Hy stel voor dat die joernalis – in sy soeke na regverdigheid – moet fokus op voorvalle van onreg. Lambeth wys egter daarop dat die ethos van die nuuskantoor en die korporatiewe kultuur waarin die verslaggewer werk, baie belangrik is om 'n klimaat te skep waarin goeie etiese standaarde en regverdigheid gekoester word.

**Vryheid:**

Lambeth onderskei tussen twee soorte vryheid wat deur die joernalis beskerm behoort te word: die vryheid wat aan hom die geleentheid gee om sy werk te doen (vryheid van die pers); en vryheid van belange of drukgroepe (onafhanklikheid).

**Menslikheid:**

Deur hierdie beginsel moet die joernalis daaraan erkenning gee dat hy ten spyte van sy beroep en die druk wat dit op hom plaas, ook 'n verantwoordelikheid het teenoor sy medemens. Dit beteken dat ongeag sy werk, moet hy hulp verleen wanneer sy medemens in nood is en onder geen omstandighede sy medemens skade berokken nie of minstens alles in sy vermoë doen om te voorkom ander deur sy dade ly.

**'n Waghond namens die samelewing:**

Lambeth glo dié beginsel loop hand aan hand met die joernalis se sosiale verantwoordelikheid. Hy glo joernaliste het nie net meer voorregte as 'gewone'

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



landsburger nie, maar ook meer gesag om namens die samelewing as waghonde op te tree.

Ek glo dat die optrede van die verantwoordelike misdaadverslaggewer opgesluit is in 'n kombinasie van die vyf beginsels soos gestel deur Lambeth.

**UNIEKE KOMPLIKASIES: Die outoritêre normatiewe raamwerk onder die NP-regering vs. die demokratiese model onder die ANC-regering**

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar verskeie kompliserende kwessies wat betref misdaadverslaggewing. Die eerste aspek wat aandag verdien is die normatiewe raamwerk waarbinne misdaadverslaggewing in Suid-Afrika bedryf is onder die Nasionale Party-regering en hoe dit verskil van die post-'94 demokratiese milieu wat deur die ANC-regering geskep is.

'n Normatiewe etiese raamwerk word geskep deur 'n regering se beleidsraamwerk. Dié raamwerk word geskep deur wetgewing en regulasies (Oosthuizen, 2002: 82).

Onder die Nasionale Party-regering het die Suid-Afrikaanse media swaar gedra aan wetgewing en regulasies wat hom aan bande gelê het (Jackson, 1993: 126). Dit het ingesluit, maar is nie beperk nie tot, die Binnelandse Veiligheidswet (Wet 74 van 1982), die Verdedigingswet (Wet 44 van 1957), die Polisiewet (Wet 7 van 1958), die Gevangeniswet (Wet 8 van 1959), die Wet op die Beskerming van Inligting (Wet 84 van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



1982), die Wet op Nasionale Sleutelpunte (Wet 102 van 1980), die Wet op Petroleumprodukte (Wet 120 van 1977), die Wet op die Beheer van Publikasies (Wet 42 van 1974) en die Wysigingswet op die Registrasie van Koerante (Wet 98 van 1982).

Ofskoon die implikasies van elkeen van dié wette nie hier in die besonder bespreek hoef te word nie, moet gemeld word dat hierdie wette ernstige beperkinge geplaas het op wat die media mag publiseer en in werklikheid die 'roetine'-werksraamwerk van joernaliste in Suid-Afrika bepaal het. Dat hierdie wette nie voldoende vir die Nasionale Party-regering was om die media aan bande te lê nie, kan gesien word in die feit dat verdere Veiligheidswetgewing ongevolge die Openbare Veiligheidswet (Wet 3 van 1953) in Julie 1985 deur die Staatspresident afgekondig is. W*aaroor* die media verslag mag doen is daardeur aan bande gelê en *hoe* hy daaroor verslag moet doen is daardeur voorgeskryf (Jackson, 1993: 123).

Die somtotaal van die wette wat hierbo genoem is (daar was meer as 100 wette wat die insameling van en inhoud van nuusberigte gereguleer het), het nie net die effek gehad dat media-vryheid aan bande gelê is nie, maar het ook die belange van 'n elite-minderhede beskerm (Oosthuizen, 2002: 84), groot dele van die Suid-Afrikaanse samelewing van inligting en die geleentheid op ingeligte besluitneming weerhou (Oosthuizen, 2002:93).

Omdat misdaadverslaggewers – saam met politieke en verdedigingsberiggewers – oor baie jare gedurende die pre-'94-era oor politieke geweld, oproerigheid, openbare geweld

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



en politieke moorde moes verslag doen, het misdaadverslaggewing bovermelde beperkinge akuut beleef.

Die indirekte gevolg op joernalistiek binne die outoritêre normatiewe raamwerk wat die Nasionale Party-regering vir die media geskep het, was 'n algemene gebrek aan die ontwikkeling van professionele etiese riglyne vir media-werkers (Oosthuizen, 2002:93). Eenvoudig gestel, omdat die regering optrede byna volledig beheer het, het die media geen kans gehad om sy eie optrede in oënskou te neem en op 'n professionale etiese manier self te beoordeel nie. Daar was dus geen kans op die media om homself te reguleer nie.

Die normatiewe raamwerk in die post-'94-era het van outoritêre beheer word grootliks bepaal deur die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) en die Handves van Menseregte wat daarin vervat is.
Die atmosfeer wat deur die Handves geskep word is een van vryheid en het verskeie implikasies. Dit impliseer onder andere dat:

- Mediavryheid verseker word met die uitsondering dat haatspraak aan bande gelê word;
- Dat landsburgers toegang het tot inligting wat die staat beheer; en
- Verslaggewers hul werk kan doen met die minimum inmenging.

In hierdie milieu van vryheid word 'n atmosfeer geskep waarin die media homself moet reguleer. Ons het dus 'n verskuiwing gesien van 'n pre-94-era waarin die Suid-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Afrikaanse media binne rigiede raamwerk moes werk waarin min ruimte was vir die ontwikkeling van werkbare selfregulasie tot een waarin vryheid die media as het ware nooi om sy eie professionele kodes te ontwikkel.

Dit is in hierdie milieu waarin die misdaadverslaggewer sy verantwoordelike optrede moet vind.

Op 'n meer praktiese vlak vind ons in gespekke met die polisie dat hulle nie veel filosofiese beginsels van die joernalis verlang nie, maar eerder werkbare samewerking van die verantwoordelike joernalis verlang.

In sy geval vra inspekteur Humpel nouer samewerking en wedersydse vertroue tussen joernalis en ondersoekbeampte. Hy meen dat die redes wat hy aanvoer vir die nie gebruik van inligting en foto's werklike redes is wat op 'n praktiese vlak die alledaagse werk van die ondersoekbeampte en staatsaanklaer direk raak.

Humpel voel ook – terwyl hy erken dat sy senior-kollegas hom nie gelyk sal gee nie – dat die praktyk van polisie-skakelbeamptes 'n rol gespeel het in die vervreemding wat tussen misdaadverslaggewer en ondersoekbeampte oor die afgelope vyftien jaar ingetree het. Volgens hom het die direkte verhouding tussen ondersoekbeampte en misdaadverslaggewer na 'n tyd tot 'n vertrouensverhouding gelei wat dikwels op 'n baie werkbare manier gemanifesteer het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Mark Whale, spesiale ondersoeker vir die Direktoraat van Spesiale Ondersoeke, sê in 'n onderhoud hy vind dit vreemd dat daar streng regulasies bestaan om die gedrag van ondersoekbeamptes, prokureurs, staatsaanklaers, landdroste en regters te beheer, maar dat die joernalis byna reëlloos kan optree. Whale vra in die afwesigheid van reëls 'n nouer samewerking met joernaliste ten einde nie net 'n tydelike middeweg te bereik nie, maar ook 'n grondslag te bereik waarop ooreenkomste vir die toekoms bereik kan word. Hy meen kennis, ondervinding en 'n gees van samewerking maak joernaliste verantwoordelik.

Ofskoon ervaring en samewerking met die polisie saam met die navolging van sekere kodes antwoorde bied in die soeke na verantwoordelike misdaadverslaggewers, moet altyd gewaak word teen samewerking wat te heg word tussen misdaadverslaggewer en die polisie. 'n Misdaadverslaggewer wat klakkeloos inligting weergee wat die polisie hom voer, verloor sy afhanklikheid en geloofwoordigheid. Daar moet, net soos in ander verslaggewing, altyd daarteen gewaak word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Hoofstuk 6: Enkele gevallestudies

Die volgende vier gevallestudies illustreer elk verskillende situasies waarin misdaadverslaggewers besluite moes neem wat etiese regverdigbaar of onregverdigbaar was. Die voorbeelde is uiteenlopend - van besluite om te steel, saam te sweer om te steel, landswette te oortree, gedragskodes te oortree of ooreenkomste te breek. Daar is ook voorbeelde wat 'n gebrek aan kennis en gedragskodes uitbeeld.

Die voorbeelde moet saamgelees word met voorbeelde wat reeds in die werkstuk in vorige hoofstukke verweef is. Saam sal die voorbeelde gebruik word om gevolgtrekkings in die volgende hoofstuk te verhelder.

**Matthew Goniwe: Landswette en etiese kodes oortree om moordgeheim op te los**

Matthew Goniwe, 'n Cradockse onderwyser, was in die vroeë jare 80 'n aktivis van die United Democratic Front (UDF) in die Oos-Kaap. Weens sy politieke bedrywighede is hy deur veiligheidsmagte as " 'n doring in die vlees" van die regering van die dag beskou (Die Burger, 24 Januarie 1997: 2).

Op 27 Junie 1985 is Goniwe en drie mede UDF-lede (Fort Calata, Sparrow Mkhonto en Sicelo Mhlauli) na 'n UDF-vergadering in Port Elizabeth naby die Olifantshoekpas tussen Paterson en Kookhuis deur 'n span veiligheidspolisiemanne voorgekeer, na bosse by St. George's Strand naby Port Elizabeth ontvoer, bewusteloos geslaan, geskiet en met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



messe gesteek, waarna hul lyke met petrol bedek en aan die brand gesteek is (Die Burger, 24 Januarie 1997: 1).

Die omstandighede van die Cradock-vier – soos hulle later in die media bekend geword het - se moorde het vir byna twaalf jaar lank geheim gebly. Daar is twee geregtelike doodsondersoeke na die moorde gedoen, waarvan die tweede onder die voorsitterskap van die Oos-Kaapse regter-president, Neville Zietsman, in die Port Elizabethse Hooggeregshof 178 hofdae geduur het. Tien advokate – onder wie die menseregte - advokaat George Bizoz - en ses prokureurs was betrokke. Hofstukke het in 'n stadium 6000 bladsye beslaan.

Onder die verslaggewers wat die tweede geregtelike doodsondersoek gedek het, was 'n verslaggewer van *Die Burger,* Piet van Niekerk. Hy het 'n persoonlike belangstelling in die saak begin ontwikkel. Nadat regter Zietsman in sy uitspraak bepaal het dat daar na alle waarskynlikheid nooit gesê sal kan word wie die Cradock-vier vermoor het nie, het hy met 'n persoonlike ondersoek begin wat daarop gedui het dat enkele voormalige prominente lede van die Oos-Kaapse veiligheidstak van die Polisie die hoofverdagtes in die moordsaak kon wees.

Hy het met die vervreemde vrou van een van die verdagtes in gesprek getree. Sy het ingestem om konsultasienotas wat haar man met sy prokureur, Francois van der Merwe van Van der Merwe en Bester Ingelyf, van haar man te steel. Nadat sy dit gedoen het, het sy die notas op 23 Januarie 1997 teen R300 aan Van Niekerk verkoop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Op 24 Januarie 1997 het 'n berig deur Van Niekerk onder die opskrif "Goniwe moordgeheim oopgevlek" op die voorblad van Die Burger verskyn. Dit het die besonderhede van die moorde op die Cradock-vier uitgespel en die name bekend gemaak van die mans wat ingevolge die bepalings van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening om amnestie vir die moorde op die Cradock-vier sal aansoek doen. Hulle was kapt. Sakkie van Zyl, lt. Eric Taylor en sers. Gerhardus Lotz. Die berig het ook die name genoem van die mans wat volgens die konsultasienotas die moorde sou goedgekeur het. Hulle was kol. Harold Snyman en genl. Nic van Rensburg. Om te bewys dat die betrokke dokument eg was, is die Van der Merwe oor aspekte van die aansoek uitgevra. Daaruit kon afgelei word dat hy kennis van die inhoud het. Die berig is afgesluit met die volgende twee sinne:

> *Die Burger* het navraag gedoen oor die egtheid van die dokument. Dis is deur die regsverteenwoordiger van die aansoekers bevestig. (Van Niekerk, 24 Januarie 1997; 1).

Twee etiese aspekte en twee oortredings van die wet in die betrokke beriggewing verdien in die gevallestudie aandag. Eerstens was die betrokke verslaggewer aandadig aan die diefstal van hoogs vertroulike dokumente, tweedens is betaal vir inligting aan iemand wat 'n misdryf gepleeg het, derdens is die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening oortree omdat dit bepaal dat inligting wat deel sal vorm van amnestie-aansoeke nie gepubliseer mag word nie omdat dit die werksaamhede van die Waarheids-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



en-versoeningskommissie (WVK) kan belemmer en vierdens is die betrokke prokureur belaster omdat dit te kenne sou gee dat hy die prokureur-kliënt-privilegie verbreek het.

*Die Burger,* die destydse redakteur van *Die Burger (Oos-Kaap),* Leon van der Vyver, en Van Niekerk is die dag van publikasie deur Van der Merwe en Bester vir 'n bedrag van R300000 gedagvaar vir die feit dat *Die Burger* die indruk geskep het dat hulle hul privilegie met kliënte verbreek. Drie dae later het die hoof van die ondersoekeenheid van die WVK, Dumisani Ntsebeza, gesê hy sal persoonlik aanbeveel dat *Die Burger* vervolg word. Hy het aangevoer dat *prima facie* getuienis daarop dui dat die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening oortree is omdat die koerantberig "onverantwoordelik (was) en (die werk van) die WVK belemmer" (Die Burger, 27 Januarie 1997: 2).

Senior personeel van *Die Burger* was bewus van die feit dat die publisering van besonderhede oor Goniwe, Calata, Mkhonto en Mhlauli se moorde 'n oortreding sou wees van die WVK-wet, maar was nie daarvan bewus dat die dokumente gesteel was nie. Dit is deur die betrokke verslaggewer geheim gehou, maar die besluit om die vrou vir die dokumente te betaal is deur Van der Vyver geneem. Van Niekerk was bewus van die feit dat die prokureurs belaster word, maar die betrokke nagredakteur wat aangedring het op die insluiting van die laaste twee sinne, Carel Meyer, het nie die implikasies daarvan gesnap nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die finale besluit om wel te publiseer is destyds geneem deur Van Niekerk, Van der Vyver, en die destydse hoofredakteur van *Die Burger*, Ebbe Dommisse. Die oorweging was dat dit in die openbare belang gepubliseer moet word in die lig daarvan dat 'n polisie-ondersoek en twee geregtelike doodsondersoeke nie die moordgeheim kon oplos nie. Dommisse het gesê die moorde was polities geïnspireerd en die publisering van die name van die moordenaars sou daarom ook politieke implikasies hê. Hy het verder gesê die koerant het geen waarborg nie dat die mans hul amnestie-aansoeke sou deurvoer nie. Indien hulle die aansoeke opskeur en stilbly, kan die moordgeheim nog jare lank voortduur. Maar deur die inhoud van die konsultasienotas te publiseer, sou dit al die betrokke partye dwing om om amnestie aansoek te doen en sodoende die volle waarheid na vore laat kom.

Van Niekerk se oorwegings vir die diefstal van die konsultasienotas was dat dit die laaste en enigste finale oplossing is om die moordgeheim van twaalf jaar op te los. Die oorweging om te betaal vir 'n gesteelde dokument, was dieselfde.

Die publisering van die berig het uiteindelik 'n veel groter uitwerking gehad as wat aanvanklik verwag is. Van der Merwe het op dieselfde dag as wat sy lasterdagvaardiging op Van der Vyver en Van Niekerk beteken is, in 'n geheime ontmoeting met die nagnuusredakteur van die Port Elizabethse dagblad *EP Herald,* Lourens Schoeman, die besonderhede van die amnestie-aansoeke rondom die dood van die swart bewussynsleier, Steve Biko, bekend gemaak (Rademeyer, 1997). Daar kan slegs bespiegel word waarom Van der Merwe dit gedoen het, maar Schoeman se opspraakwekkende onthulling oor die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Biko amnestie-aansoekers, asook opvolgberigte oor *Die Burger* se Cradock-vier onthullings het gelei tot 'n internasionale stortvloed van onthullings oor Suid-Afrika se apartheidsmisdade.

Die WVK het 'n maand later besluit om nie met regstappe teen *Die Burger* voort te gaan nie omdat dit nie "die WVK se styl (is) om 'n heksejag te onderneem nie" (Boraine, 1997).

Van der Merwe en Bester het regstappe teen *Die Burger* laat vaar na 'n private skikking tussen hulle en Van Niekerk.

Bogenoemde gevallestudie dui daarop dat wet, etiek en gedragskodes nie hand aan hand loop nie. Dit dui ook daarop dat die nakoming van wette en gedragskodes nie verantwoordelike misdaadverslaggewing waarborg nie.

Die betrokke verslaggewer het die wet oortree deur 'n aandeel te hê in die diefstal van vertroulike konsultasienotas en die koerant het sy eie gedragskode oortree deur te betaal vir die dokument. Verder het die koerant die Wet op Nasionale Eenheid en Versoening oortree deur die besonderhede van die amnestie-aansoek te publiseer én die betrokke prokureurs belaster.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die vraag is nou hoe soveel oortredings regverdigbaar is? Luidens 'n berig in *Die Burger* (13 Februarie 1997, 2) is dit "in openbare belang gepubliseer". Meer oorwegings was egter hier ter sprake.

Die Goniwe-moordgeheim het twaalf jaar geduur en kon nie wettig opgelos word nie. Twee geregtelike ondersoeke kon dit nie oplos nie en daar was geen waarborg dat die mans wat skuldig was hul amnestie-aansoeke sou deurvoer nie. Sover dit *Die Burger* aangegaan het, was alle wettige maniere om by die waarheid uit te kom deurvoer. Onwettige optrede het geregverdigbaar geword.

Die Minimum skade is aangerig. Nie die steel van die dokument of die betaling daarvoor het enigiemand skade berokken nie. Inteendeel, die families van die Cradock-vier was verlig om uiteindelik te weet wie hul mans vermoor het. Goniwe se weduwee, Nyameka, het Van Niekerk persoonlik gedurende die ANC-kongres by die Fort Hare Universiteit in 1998 bedank vir die feit dat haar man se moordenaars ontbloot is.

Selfs nie die werksaamhede van die WVK is skade berokken soos aanvanklik beweer is nie. Die teenoorgestelde was waar omdat meer mense as gevolg van die onthulling na vore gekom het om om aamnestie aansoek te doen.

Van der Merwe en Bester is wel skade berokken deurdat *Die Burger* te kenne sou gee dat hulle die prokureur-kliënt-privilegie nie nagekom het nie. Dit het die potensiaal gehad om hulle van kliënte te beroof. Dit was jammer omdat die berig sonder die gewraakte laaste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sinne gepubliseer kon gewees het. 'n Gebrek aan 'n senior redaksielid ondervinding van Die Burger het egter dié fout veroorsaak. Hy was bang dat die geloofwaardigheid van die dokument in twyfel getrek sou word en het aangedring op die twee sinne. Dit kon verhoed gewees het en kan nie verdedig word nie.

Oorhoofs gesien was die *Die Burger* se hantering van die Goniwe-moordgeheim dus regverdigbaar omdat die wettige roetes uitgeput was, dit minder skade as goed gedoen het en die berig in die openbare en selfs landsbelang was.

**Die "Brug van die Dood"**

Dit is misdaadverslaggewers se werk om selfmoorde te dek. Die manier waarop hulle dit doen kom dikwels in die spervuur.

Op Sondag 18 Mei 2003 het die dogter van een van Suid-Afrika se bekendste tydskrifjoernaliste, Frans Kemp, van die Vanstadensrivierbrug naby Port Elizabeth na haar dood gespring. Inge Kemp (34), 'n regsbeampte van Santam in Port Elizabeth was die 55ste "slagoffer" van die brug sedert dit in 1971 klaar gebou is. 'n Selfmoordbrief in haar motor het bevestig dat sy selfmoord gepleeg het (Die Burger, 20 Mei 2003; 3).

Luidens 'n berig deur Vera Schoeman het 'n "man wat nie sy naam genoem wou hê nie" gesê 'n speelskool wat sy besit het, het geldelike probleme ondervind. Schoeman skryf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ook dat Kemp "na bewering" aan depressie gely het en "gereeld" psigiatriese behandeling ontvang het.

Met meer as 55 mense wat al van die 125 meter hoë brug na hul dood gespring het, het die plaaslike media die Vanstadensrivierbrug na die "Brug van die dood" herdoop. Die eerste selfmoord was maar 12 dae na die opening van die brug in November 1971. Die polisie hanteer gemiddeld tussen 90 en 115 selfmoordpogings per jaar by die brug.

Vroeg in 1997 het pastoor Kobie Bekker, 'n lid van die Vanstadensrivierbrug Forum, plaaslike koerante in 'n reeks private besoeke versoek om af te sien van die gebruik van die term "Brug van die dood" en beriggewing oor selfmoorde van die brug af te skaal. Hy het destyds in 'n ontmoeting met *Die Burger* se nuusredakteur gesê beriggewing wat sensasionele taal gebruik en verwysings na die "Brug van die dood" dra by tot meer selfmoordpogings en selfmoorde (Van Niekerk, 1997). Ofskoon *Die Burger* in daardie stadium geen gedragskode oor selfmoordberiggewing gehad het nie, het die koerant onderneem om aan die versoek gehoor te gee.

In 1997 het een van die Nasionale Party se Lede van die Wetgewer, Sakkie Louw, gevra dat die brug in Wetgewer bespreek word om maniere te vind om selfmoorde van die brug te bekamp. Hy het in 'n onderhoud gesê beriggewing oor selfmoorde van die brug het "deesdae 'n romantiese aantrekkingskrag vir mense wat wil selfmoord pleeg." Hy het gesê die beeld van die brug as "selfmoordbrug" of "Brug van die dood" moet afgebreek word (Die Burger, 7 November 1997; 1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Louw se uitsprake het gekom nadat 'n subkontrakteur in die boubedryf, Gregory Bashells van Schauderville in Port Elizabeth se noordelike stadsgebiede, oënskynlik sy twee seuns Steven (3) en Michael (11) van die brug gegooi en toe self na sy dood gespring het. Die man het met 'n taxi na die brug gery voor die moorde en selfmoord.

Op 4 November 1997 het Barnie Louw onder die opskrif "Egskeiding het man na brugdood gedryf" in 'n hoofberig op *Die Burger (Oos-Kaap)* se voorblad geskryf van "'n pa en twee seuns wie se verpletterde lyke op die rots onder die 'Brug van die Dood' gevind is". Hy skryf ook dat die man "in 'n oomblik van wanhoop sy twee lieflingseuns gewelddadig van die Vanstadensbrug… gegooi het" (Louw, 1997: 1).

Die berig is deurspek van bespiegelings oor waarom die man die dade sou gepleeg het, soos dat 'n egskeidingsdagvaardiging by sy huis afgelewer is.

Die Britse PressWise Trust het in samewerking met die Engelse en Ierse National Union of Journalists en die International Federation of Journalists riglyne neergelê vir die dek van selfmoorde. Hul slagspreuk is: Senstiewe beriggewing red lewens! (Press Wise Trust, 2003).

Met 'sensitiewe beriggewing' word voorgestel dat:

- die gevoelens van familielede in ag geneem word;
- besonderhede van die metode van selfmoord nie gegee moet word nie;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- erkenning gegee moet word aan die komplekse aard van gedrag wat tot selfmoord aanleiding gee; en
- dat inligting verskaf behoort te word oor hoe en waar aangeklop kan word vir raad en hulp in die geval van selfmoordsimptome.

LifeForce, die Australiese ekwivalant van Suid-Afrika se Life Line gee erkenning aan die gedagte dat mediaberigte oor selfmoord ander kan "stimuleer" of "aansteek" om ook selfmoord te pleeg. Die groep vra dat daar hoegenaamd nie in Australië oor selfmoorde berig moet word nie, maar stel voor dat indien dit wel moet gebeur dit slegs moet gebeur as:

- Dit in 'n openbare plek gebeur;
- Die slagoffer 'n prominente figuur is; en
- Die selfmoord gepleeg is as simboliese protes (soos selfmoord-bomaanvalle).

Verskeie instansies waarsku teen bespiegeling oor waarom die selfmoord gepleeg is, Hulle sê dit veroorsaak misverstande oor die ware redes vir selfmoord en vereenvoudig argumente ten gunste van selfmoord.

Gemeet aan die riglyne soos hierbo uiteengesit, het *Die Burger* nie geslaag om verantwoordelik oor dié en ander selfmoorde berig te gee nie.

In die gevalle hierbo word:

- Sonder enige bewyse bespiegel oor die redes vir die selfmoord;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Sensasionale taal gebruik;
- Verwys na "Die brug van die dood"; en
- Is geen inligting gepubliseer oor waar mense kan aanklop vir hulp teen selfmoord nie.

Indien *Die Burger* nie saamgestem het met die versoek dat daar afgesien moet word van die term "Brug van die dood nie" moes die koerant in die eerste plek nie ingestem het om dit nie te doen nie. Die feit dat die koerant daartoe ingestem het, is ook nooit vervat in enige gedragskode of selfs omsendskrywe om joernaliste daaroor in te lig nie.

Die internasionaal aanvaarde praktyk dat daar nie bespiegel moet word oor die redes vir selfmoord nie, is ook nie aan die betrokke joernaliste verduidelik nie. In werklikheid is geen leiding gegee aan misdaadverslaggewers oor hoe hulle oor selfmoord moet berig nie. Dit plaas die koerant en veral sy senior personeel in die beskuldigdebank.

Ook die feit dat geen inligting tot op hede by enige berig oor selfmoord gepaard gaan met Life Line se nommer onderaan of positiewe inligting wat daarop dui dat daar alternatiewe tot selfmoord is nie, is ook 'n aanklag teen Suid-Afrikaanse koerante.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Ondersoek na Tertius Bosch se dood " 'n Chaos" oor inmenging**

Tertius Bosch was 'n voormalige Springbok-bouler wat in twee Wêreldbekerreekse vir Suid-Afrika gespeel het. Hy het hom later as tandarts gekwalifiseer en getrou met Karen-Anne.

In Julie 1999 het hy die seldsame Guillain-Barre-sindroom ontwikkel wat hom gedeeltelik verlam het. Ofskoon Karen-Anne in mediaberigte gesê het dit gaan al hoe beter met haar man, het hy op Valentynsdag 2000 gesterf.

Die kontantaankoop van twee luukse voertuie ter waarde van R420 000 deur Karen-Anne, gerugte dat sy 'n buite-egtelike verhouding met die eksekuteur van Bosch se boedel, due prokureur Henry Selzer, gehad het en bewerings deur Bosch se suster, Rita van Wetten, het daartoe aanleiding gegee dat dit nie lank was voor mediaberigte die moontlikheid begin noem het dat Tertius Bosch vergiftig is nie (Lotriet: 2001).

Op 7 Augustus 2001 het die *Cape Times* berig dat 'n "spesialis-patoloog" gesê het dat vroeë kliniese toetse op die liggaam van Bosch daarop dui dat hy vergiftig is. Die berig is gepubliseer kort nadat Bosch se liggaam uit die Queensburg begraafplaas buite Durban opgegrawe is (Cape Times, 2001). Druk op die polisie om sy liggaam na 18 maande te laat opgrawe, is geïnisieer deur Van Wetten.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Op 24 September 2001 het 'n woordvoerder van die polisie in KwaZulu-Natal, kapt. Vishnu Naidoo, in 'n verklaring gesê toetse op die liggaam van Bosch is nog nie afgehandel nie en media-berigte daaroor kan dus nie korrek wees nie (www.dispatch.co.za/2001/09/25/southafrica/).

Later is berig dat 'n brief ná Bosch se dood gevind is wat aan een van Bosch se goeie vriende agtergelaat is. Daar is ook berig van 'n brief aan sy weduwee wat sy glo vernietig het en dat Seltzer nadat hy sy verhouding met mev. Bosch verbreek het ook simptome van Guillian-Barre-sindroom getoon het. Beriggewing het daarop gesinspeel dat mev. Bosch haar man vermoor het.

Naidoo het later in 'n openhartige onderhoud (telefoniese mededeling op 15 Oktober 2003) vertel hoe beriggewing nie net die polisie-ondersoek vooruit geloop het nie, maar ook in " 'n chaos" gedompel het. Hy het gesê:

*Die media het sy eie ding begin doen. Dit was 'n chaos. Daar is gelieg, feite is opgemaak, halwe feite is gesensasionaliseer en daar was verskeie weergawes oor die rede vir sy dood. Ons het nie geweet wat aangaan nie. Die ondersoekbeampte, superintendent Martin Aywald, het 'n verskriklike tyd beleef. Hy kon nie 'n normale onafhanklike ondersoek doen nie omdat die media halwe waarhede en leuens verkoop het.*

*Die ergste was dat ons niks gehad het om weg te steek nie. Ons sou al hul vrae beantwoord het, maar hulle het verkies om op 'n wilde jaagtog agter onwaarhede aan te*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*gaan. Almal was oortuig daar is een of ander groot misdaad gepleeg en dat die polisie te dom is om dit op te los. Op die ou einde was dit niks en ons het net 'n klomp geld gemors. Daar behoort reëls te wees teen hierdie tipe optrede deur die media.*

Wat in die Tertius Bosch-saak gebeur het, is soortgelyk as wat ons in die vroeë stadiums van die Maroela-koshuis verkragtingbewerings waarin kleinseuns van oud-minister Pik Botha betrokke is, sien: 'n Verhoor deur die media.

Verhoor deur die media gebeur wanneer verslaggewers die polisie-ondersoek vooruitloop en daardeur skuld of onskuld deur hul beriggewing probeer voorstel. Dit beteken in kort dat die verdienste van die staat se saak in die media bespreek word. Ofskoon dit nie in die Tertius Bosch-saak so ver gegaan het nie, het landdros Jackie Wessels in een van die eerste verskynings van die Maroela-vier die media versoek om "integriteit" aan die dag te lê en (om hulle) "by die wet te bepaal" (Magnus, 2003: 1).

Advokaat Retha Meintjies, die adjunk-direkteur van openbare vervolgings in Pretoria, het die polisie versoek om beriggewing oor die Maroela saak te ondersoek vir moontlike oortredings van die Strafproseswet. Skuldigbevinding kan lei tot strafregelike vervolging waarvan die maksimum boete een jaar tronkstraf is (Meintjies, 2004).

Sy het ook die Persombudsman versoek om die mediadekking te ondersoek (*Die Burger,* 19 September 2003, 1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die polisie se beswaar teen hierdie tipe beriggewing is regverdigbaar. Nie net omdat dit die ondersoek vooruitloop nie, maar ook omdat dit dikwels nie akkuraat met feite omgaan nie. In die Tertius Bosch-geval is dit bewys dat feite in beriggewing nie akkuraat was nie. Die polisie-ondersoek kon nie vind dat vroeë patologiese toetse daarop sou gedui het dat Bosch vergiftig is nie, dat daar briewe was wat op mev. Bosch se skuld kon dui nie of dat Seltzer dieselfde simptome as Guillain-Barre-sindroom getoon het nie.

Volgens Retief (2002, 51) behoort enige joernalis alle relevante feite na te gaan voordat dit as die waarheid verkondig word. Al die relevante feite moet ook teen mekaar opgeweeg word en in die regte konteks aangebied word. As dit só aangebied word dat 'n spesifieke verdraaide verhaal vertel word, is dit nie eties regverdigbaar nie.

Ofskoon die polisie-ondersoek in die Bosch-geval getoon het dat better min van die beriggewing oor Tertius Bosch se dood akkuraat was, is geen stappe teen enige verslaggewers gedoen nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Die steel van foto's**

Nuusredakteurs moedig verslaggewers aan om alle foto's en selfs foto-albums by misdaadtonele of familielede van die slagoffers weg te neem of te steel om opposisie-koerante se kanse om ook foto's te bekom so klein as moontlik te maak.

Toe 'n Uitenhagese polisieman, sersant Uyslen Nel, se vrou, Natasja (24), en haar twee seuns, Robin (2) en Marius (4) op 10 Februarie 1996 met 'n AK47 in hul gesinsmotor op die pad tussen Despatch en Uitenhage in die Oos-Kaap doodgeskiet is, het verslaggewers van *Die Burger (Oos-Kaap)* Nel se pa, dr. Etienne Nel, op Uitenhage aan huis gaan besoek. Die betrokke fotograaf en verslaggewer het dr. Nel se foto-album van sy seun se troue en foto's van sy kleinkinders uit sy sitkamer gesteel. Sommige van die foto's het op 12 Februarie 1996 op die voorblad van *Die Burger* verskyn (*Die Burger,* 12 Februarie 1996, 1). Die foto's is nie terugbesorg nie (Van Niekerk, 2004).

Foto's word nie net gesteel van slagoffers van geweld nie. Dit gebeur ook soms dat dit moeilik is om 'n foto van iemand te kry wat om een of ander rede nuuswaardig word.

Cecile Greyling, ten tyde van die voorval die redakteur van die Graaff-Reinet Advertiser, sê sy het in Mei 1998 'n versoek van Marelize Stiemie, 'n senior-verslaggewer van *Die Burger (Oos-Kaap),* ontvang om 'n foto van kaptein Pik Schoeman, 'n speurder op Graaff-Reinet te bekom. Pik Schoeman het na bewering 'n verhouding aangeknoop met mev. Reinette Te Water Naudé, die voormalige verloofde van oud-President P.W. Botha.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Volgens Greyling was Schoeman op verlof en sy kon nie toestemming van die plaaslike polisie kry om een van sy amptelike foto's te kry nie. Sy het in die dorp se polisiekantoor ingestap en 'n foto op sy lessenaar gesteel, dit laat skandeer en aan *Die Burger* ge-epos. Die oorspronklike is volgens Greyling (persoonlike mededeling op 2 Januarie 2004) nog nie terugbesorg nie. Die foto het op 7 Mei 1998 op die voorblad van *Die Burger (Oos-Kaap)* verskyn (*Die Burger*, 7 Mei 1998: 1).

Diefstal van foto's is 'n strafbare oortreding. Wat egter deurgaans in hierdie gevalle gebeur is dat die familielede van die slagoffers só getraumatiseer is, dat hulle of nie bewus is van die diefstal nie, of nie die krag het om dit verder te voer nie. Misdaadverslaggewers en nuusredakteur weet dit en weet dat hulle met die tipe diefstal wegkom.

Die Poynter Instituut sê op sy webblad *Poynteronline* inligting (en foto's?) mag slegs gesteel word as dit van "diepgaande" belang is vir die openbare belang, alle ander metodes om dit te kry reeds uitgeput is en die betrokke joernalis deelgeneem het aan 'n sinvolle besluitnemingsproses waarin die etiese aspekte van sy besluit deurdink is en die potensiële positiewe en negatiewe gevolge van sy daad in oënskou geneem is.

Ofskoon die steel van foto's nog alledaags in misdaadverslaggewing gebeur en deur nuusredakteurs aangemoedig word is dit waarskynlik in die meeste gevalle nie eties regverdigbaar is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die publisering van 'n gesteelde foto is selde in openbare belang soos wat die publisering van 'n ontsnapte moordenaar byvoorbeeld kan wees, maar meestal in die belang van die betrokke publikasie self – veral as dié foto's eksklusief aangebied kan word. Die argument is dat die leser sal verkies om die koerant te koop wat foto's van slagoffers het eerder as 'n koerant sonder foto's. Dit is ook die rede waarom straatplakkate dikwels aandui dat 'n berig met 'n foto gepaard gaan.

In hierdie gevalle tree die koerant vir eie gewin op - 'n oorweging wat nie hoog op die etiese besluitnemingskaal punte aanteken nie. Terwyl nuusredakteurs egter voortgaan om dié praktyk aan te moedig, sal dit voortgaan. Dit sal slegs ophou as nuuskantore 'n milieu skep waarin etiese oorwegings deel vorm van besluitneming.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# Hoofstuk 7: Die pad vorentoe met verantwoordelike misdaadverslaggewing in Suid-Afrika

Simon Longstaff, uitvoerende direkteur van die St. James Ethics Centre in Australië, sê om die media se etiese kodes herhaaldelik te kritiseer is soorgelyk as om visse in 'n wynvat met 'n haelgeweer te skiet. Die wynvat word vol gate, die water loop uit en al die visse vrek (Longstaff, 1994: 1).

Dit is maklik om te kritiseer, maar dit dien geen doel sonder oplossings nie. Om dié rede moet daar gekyk word na die faktore wat 'n invloed het op misdaadverslaggewing en hoe opgetree kan word om verantwoordelike misdaadverslaggewing in die toekoms aan te pak.

Misdaadverslaggewing stel spesifieke etiese eise aan joernaliste wat in sommige gevalle uniek is aan misdaadverslaggewing. Die redes hiervoor is dat:

- Misdaadverslaggewers uit die aard van hul werk in situasies beland waar mense se lewens in gevaar is. Vergelyk Kobus Esterhuyse se dilemma toe 'n man van 'n winkelsentrum wou spring (sien bl. 49) of toe Andriette Stofberg moes besluit hoe sy 'n versoek om hulp van AWB-slagoffers in Bophuthatswana gaan hanteer (sien bl. 43);
- Misdaadverslaggewer oor geweld en konflik skryf;
- Dit algemeen aanvaar word dat misdaadverslaggewers se beriggewing ander mense kan aanmoedig om hul eie lewens te neem (sien bl. 74);

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Onverantwoordelike misdaadverslaggewing daartoe kan lei dat misdadigers die gereg vryspring;
- Die manier waarop daar oor trauma geskryf word tot verdere trauma kan lei; en
- Misdaadverslaggewers soms aangemoedig word om die wet te oortree.

Verskeie faktore kompliseer die misdaadverslaggewer se besluite oor etiek. Dit is:

- Die aard en onmiddellikheid van misdaadnuus wat veroorsaak dat besluite blitsvinnig geneem moet word (sien bl. 45);
- Die konflik wat onstaan wanneer die misdaadverslaggewer in verskillende verhoudings tot byvoorbeeld sy werkgewer en 'n ondersoekbeampte staan;
- Die noodsaaklikheid om betroubare bronne te koester;
- Die algemene gebrek aan gedragskodes wat aan misdaadverslaggewer riglyne gee; en
- Die feit dat die navolging (of selfs verbreking) van landswette geen versekering kan gee dat misdaadverslaggewing eties verantwoordelik is nie (sien bl. 39).

Uit 'n praktiese oogpunt moet misdaadverslaggewers in ag neem dat:

- Verslaggewing oor misdaad as 'n joernaal beskou word van hoe die polisie se ondersoek vorder. Vergelyk in dié verband Humpel se stelling dat hy en ander ondersoekbeamptes dikwels by inhegtenisnemings afkom op stapels koerante oor die misdaad en ondersoek waarby die verdagtes betrokke was (sien bl. 10);
- Die weerhouding van inligting in spesifieke gevalle regverdigbaar is omdat konsekwensialistiese of teleologiese oorwegings in die praktyk vir misdaadverslaggewers positiewe uitkomste kan hê; en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Die publisering van foto's of die bekendmaking van sekere inligting 'n polisie-ondersoek nadelig kan raak.

Om joernaliste wat reeds in die praktyk staan etiek te leer is baie moeilik. Hulle het gewoonlik reeds sekere gewoontes aangeleer wat nie verantwoordelik of eties is nie. Dikwels is hul kennis van etiek reeds deur vorige opleiding, kollegas of die maatskappy waarvoor hulle werk gevorm. Baie gevestigde joernaliste is gekant teen veranderinge wat op etiek geskoei is en gefrustreerd oor kritiek teen hul bestaande optrede omdat hulle meen mense wat hul bestaande werkwyses kritiseer ken nie hul werkkultuur óf die druk waaronder hulle hul werk moet doen of besluite moet neem nie (Schechter, 2001). In hierdie verband kan weer gekyk word na Glasser se beskouing van objektiwiteit wanneer hy argumenteer dat dit eintlik joernaliste se manier is om sekere bestaande werkwyses te behou (sien bl. 41).

Alles in ag genome kan 'n milieu vir eties verantwoordelike misdaadverslaggewing in die nuuskantoor slegs geskep word as omstandighede aangemoedig word waar redakteurs, nuusredakteurs en misdaadverslaggewers aangemoedig word om van dag tot dag krities hul optrede met die hantering van misdaadnuus te ondersoek en te bespreek. In hierdie ondersoek en gesprek moet die volgende vrae beantwoord word:

- Waarom word oor die betrokke misdaadinsident berig?
- Wie gaan en hoe gaan hulle deur beriggewing geraak word?
- Watter riglyne het die werkgewende organisasie daargestel om te help om in soortgelyke situasies besluite te neem?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Is iemand se lewe in gevaar deur my optrede op die toneel of deur my beriggewing?
- Moet ek enige wette oortree om die inligting te bekom of te publiseer of uit te saak?
- Word insidente van geweld in konteks gestel en moontlike alternatiewe tot die geweld gegee?
- Voel ek persoonlik eties ongemaklik oor wat ek moet doen om die inligting te bekom of deur die aard van die beriggewing?
- As ek self die slagoffer was, hoe sou ek wou gehad het daar moet oor my berig word?
- Is daar enige regverdiging daarvoor dat ek riglyne of wette moet verbreek?
- Wat is die moontlike lang- en korttermyn gevolge van my beriggewing? en
- Is daar enige alternatiewe tot die optrede waarop ek besluit het?

Indien daar gevoel word dat sensitiewe of omstrede misdaadinligting of foto's wel geplaas moet word, kan die misdaadverslaggewer vra dat dit:

- Nie op plakkate uitbasuin word nie;
- Op 'n binneblad of onder die vou van die voorblad geplaas word; en
- Taal te gebruik wat nie sterk emosies aanwakker nie.

Slegs as hierdie riglyne nagekom word, sal misdaadverslaggewers eerstens mense wees en daarna verslaggewers en die groter gemeenskap oor misdaad ingelig wees, daarby baat vind en die skade wat misdaadverslaggewing aanrig beperk word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## Bronnelys

Anon. (2000). Insight 2000. *Sunday Times* [www.suntimes.co.za/2000/12/31/insight/in02.htm] (December 2000). Webblad besoek op 20 November 2003.

Anon. 5 December 2001. *The Herald.* Port Elizabeth. Times Media Limited.

Black, Jay & Bryant, Jennings. 1992. *Introduction to Mass Communication, Third edition,* Dubuque, Iowa, Brown and Benchmark.

Claassen, G. 26 Oktober 2000. *Die Burger.* Kaapstad: News24.

Combrink, J. 1988. *Save the Press.* Single Edition. Cape Town: Save the Press Campaign.

Cote, W.E. & Simpson, R. 2002. *Covering Violence: a Guide to Ethical Reporting About Victims and Trauma.* Second Edition. New York: Columbia University Press.

Cunningham, B. 2003. 'Re-thinking Objectivity'. Columbia Journalism Review.*]* July/August *[http://archives.cjr.org/year/03/4/Cunningham.asp* 2003 Webblad besoek op 23 Januarie 2004.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Day, L.A. 1991. *Ethics in media communications: cases and controversies.* Belmont, Wadsmith.

De Beer, A.S., Steyn, E., Claassen, G.N. (eds) 1994. *Ecquid Novi. Journal for Journalism in Southern Africa 15(1).*

Du Toit, De Jager, Paizes, Skeen, Van der Merwe. 2000. *Commentary on the Criminal Procedure Act.* Cape Town: Juta.

Jackson, J.S. 1993. *Breaking Story: The South African Press.* Colorado, Wetview Press.

Longstaff, S. 1994.Media Ethics and Accountibility. St. James Ethics Centre. *[http://www.ethics.org.au/things_to_read/articles_to_read/journalism_and_media/artic]* (Winter 1994) Webblad besoek op 3 Januarie 2004.

Lotriet, B. 2001. The Game is Over. Carte Blanche. 11 August *[www.mnet.co.za/carteBlanche/Display/Display.asp?Id=1782]* Webblad besoek op 1 Oktober 2003.

Louw, B. 4 November 1997. *Die Burger*. Kaapstad: News24.

Maduna, P. SAPA WebLine; Story ID 865744. *[http://www.sapa.org.za]* (26 November 2001).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Magnus, L. 19 September 2003. *Die Burger.* Kaapstad: News24

Malan, P. 26 Oktober 2000. *Die Burger.* Kaapstad: News24.

Malcolm, J. 1990. *The Journalist and the Murderer.* London:Papermac.

Nel, F.1998. *Writing for the Media in South Africa.* Halfway House Thompson Publishing.

Oosthuizen, L.M. 2002. *Media Ethics in the South African Context: An Introduction and overview.* Landsdowne, Cape Town: Juta.

Press Freedom Survey, 2002. Freedom House. *[http://www.freedomhouse.org/pfs2002/pfs]* August. Webblad besoek op 31 Januarie 2004.

Press Wise Trust. 2003. Dealing with Suicide. [www.presswise.org.uk/id=171].

Retief, J. 2002. *Media Ethics: An introduction to responsible journalism.* First Edition. Cape Town: Oxford University Press South Africa.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Schechter, D. 2001. 'How Should Media Handle Conflict?' Media Channel [*http://www.mediachannel.org/views/dissector/coveringviolence.shtml*] Webblad besoek op 17 Januarie 2004.

Singer, P. 1994. *Ethics*. London: Oxford University Press.

Stuart, K. 1986. *The Newspaperman's Guide to the Law.* Durban: Butterworths.

Tompkins, A. 2000. 'Local News Is About Your Station, Too.' [*http://www.poynter.org/content/content_view.asp?id=5054*] Webblad besoek op 10 Januarie 2004.

*Report of the Steyn Commission of Inquiry into the Mass Media*; 1981, Vol III, 1040).

Wasserman, H. 2003. *SMF Stellenbosch Media Forum: Jubileumblad van die Departement Joernalistiek, US.* Enkelpublikasie. Stellenbosch: Departement Joernalistiek, Universiteit van Stellenbosch.